

Universiteit Stellenbosch

Institutionele Plan

2017–2022

Inhoud

AFKORTINGS	3
VISIE	4
VOORWOORD	5
BESTUURSOPSOMMING	7
1. KONTEKS EN POSISIONERING AS 'n TOONAANGEWENDE NAVORSINGSINTENSIEWE AFRIKA-UNIVERSITEIT	9
2. INSTITUTIONELE STRATEGIEË	10
2.1 Verbreding van toegang	10
2.2 Behoud van momentum van uitnemendheid.....	12
2.3 Bevordering van sosiale impak	13
2.4 Uitbreiding van internasionalisering.....	14
2.5 Bevordering van sistemiese transformasie	15
2.6 Versterking van sistemiese volhoubaarheid.....	16
2.7 Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek	18
3. DIE INSTITUTIONELE PLAN 2017–2022: GRONDSLAG EN VERTREKPUNTE	22
4. DIE US SE ASPIRERENDE SAKEMODEL	23
4.1 Dimensies van die Sakemodel	23
4.2 Die US: Geïntegreerde Bestuursmodel (GBM).....	25
5. OORKOEPELENDE SBA'S	25
6. SKAKELING VAN DIE STRATEGIE EN PLAN MET DIE BEGROTING	28
7. VERANTWOORDELIGHED VIR IMPLEMENTERING	29
8. WAT HIERDIE PLAN VIR DIE US SE BELANGHEBBENDES BETEKEN	29
BYLAAG A.1: Visuele voorstelling van die Universiteit Stellenbosch se Geïntegreerde Bestuursmodel	31
BYLAAG A.2: Skematiese oorsig van institutionele strategiese prioriteite en temas, wat gekose strategiese doelwitte gefokus op elemente van Visie 2030 aantoon.....	32
BYLAAG A.3: Die US se Geïntegreerde Bestuursmodel	33
BYLAAG A.4: Strategiese bestuursaanwysers vir die Universiteit Stellenbosch met verloop van tyd	34
BYLAAG B: Verantwoordelikheid vir implementering deur fakulteite ter ondersteuning van die Institusionele Plan 2017 – 2022	41

LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1: Die dimensies van die US se Aspirerende Sakemodel	12
Tabel 5.1: Gekose oorkoepelende SBA's gegroepeer volgens tema en mikpunte vir verwesenliking teen 2022	14

AFKORTINGS

C1	Akademiese personeel
DHOO	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
GBM	Geïntegreerde Bestuursmodel
HEMIS	Higher Education Information Management System
IKT	Inligtings- en kommunikasietegnologie
IKVK	Indirekte Kosteverhalingskoers
IP	Institusionele Plan 2017–2022
IT	Informasietegnologie
IVS	Institusionele Voorneme en Strategie 2013–2018
KVP	Kampusvernuwingsprojek
L&O	Leer en Onderrig
PASD	Professionele en Administratiewe Steudienste
SBA	Strategiese bestuursaanwyser
SI	Sosiale impak
US	Universiteit Stellenbosch
VE	Voltyds-ekwivalent
VE-C1	Voltyds-ekwivalente akademiese personeel
VOD's	Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte
VS	Verantwoordelikheidssentrum (onder leiding van óf die Uitvoerende Bedryfshoof of 'n Viserektor)

VISIE

Die Universiteit Stellenbosch is **inklusief, innoverend en toekomsgerig**: 'n plek van ontdekking en uitnemendheid waar sowel personeel as studente denkleiers is wat tot diens van alle belanghebbendes kennis bevorder.

VOORWOORD

Die Universiteit Stellenbosch (US) is 'n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit in Suid-Afrika en op die Afrika-kontinent. Dit word bevestig deur ons gunstige internasionale posisie op verskeie ranglyste (wat hierdie jaar verbeter het tot 395 op die QS-ranglys), asook deur ons omvattende samewerking met verskeie uitnemende universiteite oor die wêreld heen.

Die hoëronderwyssektor is in 'n deurlopende transformasiemodus oor die land en wêreld heen. Die transformasie het 'n impak op ekonomiese, sosiale, globale en tegnologiese dimensies en sal veranderinge en uitdagings bring wat onvermydelik is.

Onder die groot uitdagings wat die US voorsien, is die kwessie van finansiële volhoubaarheid. In die lig van die deurlopende toenemende eise dat die regering spanderig aan hoër onderwys per student verhoog, is die realiteit dat daar 'n afname is en dat die inkomste van die staat af selfs nog 'n kleiner gedeelte van die US se befondsing geword het – tot 'n vlak ver onder die nodige om hierdie nasionale bate optimaal te bedryf en die sistemiese volhoubaarheid van hierdie wêreldklas-navorsingsintensiewe universiteit te verseker. Dit gesê, ons gee met waardering erkenning aan die finansiële ondersteuning van die regering deur groot beleggings in universiteite om die impak en uitdagings van die #FeesMustFall-veldtog en studente-aktivisme teë te werk, en die bykomende ondersteuning vir NSFAS-befondsing en aan gesinne wat minder as R600 000 per jaar verdien.

Ondanks sy akademiese uitnemendheid, sal die toekoms van die US bepaal word deur die grootte en vorm van ons instelling, die gebruik van tegnologie en digitale platforms vir programlewering en studentesteen, die vestiging van 'n inklusiewe kultuur, en die bevordering van diversiteit en transformasie.

In reaksie op al hierdie uitdagings en geleenthede, volg die US sy **Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018** (IVS) in'n strategiese en buigsame benadering tot institutionele uitnemendheid. Dit sluit Visie 2030 in, wat ons rig in ons strewe om 'n inklusiewe omgewing te skep, die voorlopers in innovering te wees, asook om meer toekomsgerig te dink. Die **Institutionele Plan 2017–2022** (IP) is 'n integrale deel van die US se jaarlikse beplanning en dien as 'n rigtinggewende dokument om die US se strategiewe prioriteite te verwesenlik. Hierdie plan gee nuwe momentum aan die manier waarop dinge gedoen word en hoe ons beplan om ons doelwitte op 'n volhoubare manier te bereik.

Die US sal toenemend nuwe produkte skep, nuwe markte ontgin, die oordrag van tegnologie moontlik maak, intellektuele eiendom kommersialiseer en ten volle met die bedryf integreer ten opsigte van toepaslike opleidingsprogramme, en gepaste en inter- en multidissiplinêre navorsing. Die US funksioneer in 'n hoogs mededingende omgewing wat talent betref, naamlik om goeie personeellede te lok en te behou en ook studente met die hoogste potensiaal te lok. In hierdie konteks is meertaligheid by die US 'n middel om toegang te verbreed en dit is inderwaarheid een van die US se unieke waardeproposisies.


Die US se geïntegreerde bestuursmodel moet buigsaam wees om hierdie uitdagings die hoof te kan bied, om die geleenthede te benut, om toepaslik te bly en om sistemies volhoubaar te wees. Ons moet gereed wees om ons stelsels en prosesse te evalueer om innoverende stelsels en prosesse toe te pas. Sedert die aanvang van ons strategiese beplanningsproses vir 2017 en daarna het ons besef dat die **IVS 2013–2018** hersien moet word – 'n proses waarmee reeds begin is.

Die ontwikkeling van die IP het 'n volledig gedokumenteerde, omvattende, iteratiewe en konsulerende proses behels, waarby al die toepaslike besluitnemers en rolspelers betrek is. Daar was deurlopend fokus op die integrasie van strategieë en aksieplanne tussen die drie kernsake-areas (Leer

en Onderrig, Navorsing en Sosiale Impak), terwyl die integrerende waardetoevoeging van die Professionele en Administratiewe Steudienste-afdelings voortdurend noukeurig ondersoek is.

Spesiale klem is gelê op **sistemiese volhoubaarheid** as 'n institusionele strategie weens die nasionale krisis in hoër onderwys in Suid-Afrika, asook die algemene ekonomiese vooruitsigte en die risiko's wat 'n impak op die universiteit het.

Die Strategie en die IP van die US lê ten grondslag van die begroting vir 2017 en die finansiële beplanning vir 2018–2022. Die IP asook die begroting sal dus aan die US Raad en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê word.



Prof Leopoldt van Huyssteen
Uitvoerende Bedryfshoof



Prof Hester C. Klopper
Viserektor: Strategiese Inisiatiewe en
Internasionalisering

BESTUURSOPSOMMING

Dit is belangrik dat 'n universiteit 'n duidelike visie vir die toekoms en 'n gesikte en buigsame sakemodel het, en dat strategieë en planne ontwikkel word om doelwitte te bereik wat in ooreenstemming is met nasionale en internasionale langtermynneigings. Dit is 'n voorvereiste dat die Universiteitswye institusionele strategieë gerig word deur 'n oorkoepelende **Institutionele Plan** (IP), wat in die kern van die **Institutionele Voorneme en Strategie 2013–2018** (IVS) aan die een kant en die onderskeie omgewingsplanne van fakulteite en professionele en administratiewe steudienste (PASD) aan die ander kant staan. Die kernbesigheid moet sentraal tot al hierdie planne staan.

Die hersiening van die IP is deel van die Universiteit se jaarlikse beplannings- en bestuursiklus. Die doel daarvan is om die US se institusionele voorneme, strategiese prioriteite en strategiese doelwitte op betekenisvolle wyse te integreer en doeltreffend te koördineer ten einde skaars hulpbronne (mannekrag, befondsing, fasilitate en toerusting) van die Universiteit op 'n verantwoordelike en gebalanseerde manier te benut. Die IP is 'n deurlopende plan, wat jaarliks bygewerk word, die konkrete aksies beskryf en die verwagte uitkomste stel. Sodoende word beplanning, begroting, uitvoering, verslagdoening en evaluering 'n holistiese prestasiesiklus.

Ten einde die Universiteit Stellenbosch (US) strategies te posioneer en as 'n moderne navorsingsgedreve universiteit te groei, moet die **institutionele strategieë** toegang verbreed, ons uitnemendheid behou, ons impak op die samelewing bevorder, internasionalisering uitbrei, sistemiese transformasie bevorder, sistemiese volhoubaarheid versterk en die kampusvernuwingsprojek (KVP) uitvoer. Hierdie sewe institusionele strategieë sal hoof-strategiese doelstellings rig, wat weer die grondslag vir bedryfsplanne van verantwoordelikhedsentra (VS'e) en fakulteite sal vorm. Dit sal ook gebruik word om die prestasie-ooreenkoms van uitvoerende bestuurslede en strategiese bestuursaanwysers (SBA's) te rig.

Sleutel oorkoepelende SBA's is geformuleer om vordering te meet rakende die bereiking van die institusionele strategieë en doelwitte. Vir elke strategiese prioriteit, asook die genoemde strategiese doelwitte, is die hoogste prioriteitsaksies, soos bepaal deur elke fakulteit en deur elke PASD-afdeling, in hierdie IP opgeteken. Die volledige besonderhede is in afsonderlike bedryfsplanne vir elke VS ontwikkel. In hierdie planne het die fakulteite en die PASD-afdelings aangetoon hoe hul aksieplanne hulle in staat stel om die Universiteit se doelwitte te bereik.

Hierdie strategiese aksies funksioneer nie in afsondering nie, maar behels geïntegreerde beplanning en steunprosesse. Die dimensies hiervan is in die Universiteit se Aspirerende Sakemodel asook die Geïntegreerde Bestuursmodel uiteengesit. 'n Gedetailleerde ondersoek van en insig in hierdie model het die bestuur in die posisie geplaas om spesifieke strategiese prioriteite en aksies in gefokusde sakemodele en planne vir spesifieke tydhorisonne te beklemtoon, in hierdie geval 2017–2022.

Die bestuursiklus is met 'n geïntegreerde jaarverslag afgesluit, wat ons in staat stel om op 'n duidelike en bondige wyse te kommunikeer hoe ons ons kapitaal gebruik om waarde op die kort, medium en lang termyn te genereer. Een van die belangrike doelstellings van geïntegreerde verslagdoening is om die gedeelde en gesamentlike verantwoordelikhede van alle fakulteite en PASD-afdelings om die US se mikpunte te bereik, aan te toon.

1. KONTEKS EN POSISIONERING AS 'n TOONAANGEWENDE NAVORSINGSINTENSIEWE AFRIKA-UNIVERSITEIT

Die US se **IVS 2013–2018** (skematisies in **bylaag A.2** opgesom) dien as die grondslag vir die posisionering van die Universiteit. Visie 2030, soos beliggaam in die IVS (http://www.sun.ac.za/english/Documents/Strategic_docs/IP%20english%20website.pdf), is in Maart 2013 deur die US Raad goedgekeur met die volgende sleutelienskappe: inklusiwiteit, innovering en toekomsgerigtheid. Hierdie drie eienskappe kan as die goue draad beskou word wat alle vlakke en elemente van die IP rig. Die verwesenliking van Visie 2030 word deur drie strategiese prioriteite ondersteun: **verbreding van toegang, behoud van uitnemendheid en bevordering van ons impak op die samelewing**. Hierdie strategiese prioriteite hou ook verband met ons land se Grondwet en die uitkomste van die Nasionale Ontwikkelingsplan, waarvan een van die fokusareas toegang vir studente tot hoëronderwysinstellings asook die suksesvolle voltooiing van hierdie studente se studies is. Te midde van die onvermydelike veranderinge in die ekonomiese, sosiale en globale omgewing, word die prosesse van herposisionering en transformasie (grootte en vorm, gebruik van tegnologie, vestiging van 'n inklusiewe kultuur en bevordering van diversiteit) ondersteun en verder uitgebrei. Met betrekking tot hierdie prosesse het die US die strategiese voorneme om sy huidige kennisbasis na meer en nuwe markte te versprei, soos leer-en-verdien-studente, die bekendstelling van diploma- en sertifikaatkursusse en herverpakking van sy kundigheid op ander maniere as aanbiedinge aan nuwe markte om toegang te verbreed. Dit word alles baie gepas in die US se strategiese prioriteite gedemonstreer. Hierdie posisionering is veranker in die strategiese fokusareas: studentesukses (verbreed toegang), diversiteit (personeel en studente), die US se kennisbasis, en sistemiese volhoubaarheid. Weens die spesifieke oorkoepelende strategieë wat die US onderneem, is sommige van hierdie fokusareas gevoleklik in hierdie IP uitgebrei tot die vlak van institusionele strategieë, met inbegrip van die uitbreiding van **internasionalisering**, die bevordering van **sistemiese transformasie**, die versterking van **sistemiese volhoubaarheid** en die uitvoering van die **kampusvernuwingsprojek**.

Tegnologie en digitale verbondenheid word wêreldwyd aanvaar as een van die dryfvere vir die posisionering as 'n toonaangewende navorsingsintensieve Afrika-universiteit, wat op gepaste wyse op die omgewingsveranderinge reageer. Die internasjonale ekonomie beweeg byvoorbeeld na 'n globale netwerk van waarde en kennis, wat deur die vermoë van individue en organisasies om tegnologiese ontwikkelings doeltreffend te benut, ondersteun word. Die tegnologie en digitale verbondenheid maak voorsiening vir omvattende netwerkvorming, die uitbreiding van internasionalisering en breër beskikbaarheid van hulpbronne wat aangewend kan word om gereelde wisselwerking tussen vennote, studente, dosente, belanghebbendes, en so meer te verseker. Dit maak die generering van kennis moontlik wat navorsing relevant maak deur nuwe produkte en dienste te skep tot voordeel van die breër samelewing.

Ander faktore in die kontekste van universiteite sluit in 'n verhoogde vraag na hoër onderwys teen die agtergrond van die **#FeesMustFall**-veldtog, veranderende sosiale behoeftes, 'n gebrek aan ruimte in tradisionele universiteite, hoë bevolkingsgroei en beperkte hulpbronne. Van belang is dat die voorbereiding van hierdie IP saamval met die voorgesette nasionale

studenteprotesaksie onder die #FeesMustFall-vaandel. Dit het 'n hernude fokus op hoër onderwys as 'n nasionale uitdaging geplaas. Alhoewel talle aspekte van die veldtog buite die terrein van die universiteit val om te hanteer, het dit 'n dringendheid vir transformasie meegebring. Dit is duidelik dat die strategieë, strukture, prosesse en programme van universiteite moet verander en buigsaam moet wees om tydig op die veranderinge in sowel die eksterne as die interne omgewings te reageer. Om toekomsgerig te wees, moet die universiteit homself baie beter posisioneer vir die groei van ander inkomstestrome buiten staatsubsidie en studentefooie.

2. INSTITUTIONELE STRATEGIEË

Die oorkoepelende strategiese prioriteite van die Universiteit, soos uiteengesit in die **IVS 2013–2018**, fokus op die verbreding van toegang, behoud van momentum van uitnemendheid en bevordering van sosiale impak. Vir die 2016 – 2021 IP is die uitbreiding van internasionalisering en bevordering van sistemiese transformasie bygevoeg, en vir die 2017 – 2022 IP die versterking van sistemiese volhoubaarheid en uitvoering van die KVP. Hierdie sewe institusionele strategieë sal die hoof- strategiese doelstellings rig. Hierdie doelstellings vorm die grondslag vir die bedryfsplanne van VS'e en fakulteite en word gebruik om die prestasie-ooreenkomsste van uitvoerende bestuurslede en die SBA's te rig. In **bylaag A.1** word 'n visuele voorstelling van die integrasie van al hierdie elemente getoon. Die strategiese temas word onderskeidelik hier onder bespreek, en die belangrikste strategiese doelstellings vir elkeen word gelys. Verdere verheldering van die uitvoering van hierdie strategiese prioriteite deur fakulteite word verskaf in die verskillende omgewings se sakeplanne. Besonderhede van die instaatstellende PASD-omgewings se strategieë en aksies word verskaf in die onderskeie omgewingsplanne van die verskillende VS'e. Oorkoepelende strategieë vir sowel die VS'e en fakulteite word in hierdie dokument uiteengesit (**bylaag B**).

2.1 Verbreding van toegang

Ons doel is om toegang tot die universiteit te verbreed deur i) nuwe kennismarkte te bedien, en ii) die diversiteitsprofiel van personeellede en studente te verhoog. Buiten skoolverlaters sluit nuwe markte die 'leer-en-verdien'-mark en die aanbieding van diploma- en sertificaatkursusse in. Dit sal spesifiek as deel van die strategiese doelstellings aangetoon word. Ten einde inklusiwiteit by die US te verhoog, is meertaligheid uitgebrei. Die nuwe US-taalbeleid (goedgekeur deur die Raad in Junie 2016) verskaf die grondslag vir die verbreding van toegang. Die fakulteite se bydraes tot meertaligheid word gebruik in die berekening van die institusionele SBA's (5, 6 en 7) van die US, wat elders in hierdie IP aangetoon word (**bylaag A.4**). Met die implementering van die nuwe US-taalbeleid sal drie SBA's gebruik word om die meertalige aanbod te meet en te voorspel: een elk vir die toepassing van parallelmedium-, dubbelmedium- en enkelmedium-modulekrediete.

Deur die gebruik van tegnologie kan ons die akademiese aanbod uitbrei om studente te ondersteun (deur virtuele en vermengde leer), asook om die US in 'n posisie te plaas om ander studentemarkte te verken. Dit dra ook by tot die diversiteit van ons universiteit met betrekking

tot mense, kennis, idees en perspektiewe. Akademiese uitnemendheid is beperk sonder die intellektuele uitdagings wat gebied word deur 'n diversiteit van mense en idees. Ons berei ons studente voor om in die unieke diverse konteks van ons land en kontinent te werk.

Grootte en vorm is belangrike bepalers van die verbreding van toegang tot die US. Ons sal begin met modellering en beplanning om die voorgenome groei ingevolge ons huidige visie vir 2030 te ondervang. Dit sal 'n evaluering van nodige fasilitete en verskeie scenario's vir die groei van sogenaamde modus 2-leer (nieresidensieel, aanlyn, vermeng, ens.) en ander vorme van leer in stede van die tradisionele op-kampus- persoonlike modus insluit, waar ons reeds beperk is deur eise op fisiese ruimte. Ons verwag dat scenario's vir toenemende groei op nagraadsevlak en inkorting van direkte voorgraadse groei toegang kan verbreed en 'n belangrike rol speel om die US se strategiese posisjonering verder te bevorder.

Strategiese doelstellings vir die verbreding van toegang is om:

- Die nuwe Taalbeleid te implementeer om meertaligheid te bevorder en dus die verbreding van toegang te verseker.
- Nuwe markte te verken (bv. leer-en-verdien) en toepaslike programme en leveringstelsels te ontwikkel.
- Inskrywingsbeplanning volgens die gestelde riglyne en werklike inskrywings te bestuur.
- Studentetoegang met sukses te verseker deur gesikte studente uit diverse sektore van die gemeenskap toe te laat en ondersteuning tot suksesvolle voltooiing te bied.
- Die grootte en vorm van die studenteliggamsamestelling te beïnvloed deur meer swart Afrika-, bruin en Indiër- (SBI-)studente en groei in modus 2-aanbiedinge.
- Die nuwe US-toelatingsbeleid te finaliseer en te implementeer, wat gemik is op die toelating van 'n diverse studenteliggaaam met die potensiaal om sukses te behaal, en die behoud en bevordering van akademiese uitnemendheid deur diversiteit.
- Vermengdeleer-opsies te verhoog deur leer, onderrig en assessering te bevorder.
- Toegang te verbreed en ontwikkelingsgeleenthede te skep deur die koördinering en bevordering van die impak van universiteitsomgewings op skole en die breër gemeenskap.
- Gesikte venootskappe in werking te stel wat die beursbefondsingspoel verhoog, waardeur toegang verbreed word.
- Die US-handelsmerk op so 'n manier te posisioneer dat dit SBI-studente vir alle fakulteite sal lok.
- Belanghebbendes te identificeer en te ontleed waarop die visier gestel sal word met die oog op verbreding van toegang, en doeltreffende kommunikasieprogramme in samewerking met die betrokke interne afdeling te ontwikkel.
- 'n Volhoubare model vir studenteregistrasie te skep wat studentesukses en deurvloei in die hand sal werk.

2.2 Behoud van momentum van uitnemendheid

Die momentum van uitnemendheid sal volgehou word deur die handhawing van studentesukseskoerse en deur die US te posisioneer as een van die vooraanstaande navorsingsintensiewe instellings in Afrika. Die US bedien die land, die streek en die kontinent deur tot die kennisbasis by te dra, relevansie te demonstreer, verskeie belanghebbendes te bedien en tot die verwesenliking van die 17 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) by te dra.

Strategiese doelstellings vir die behoud van uitnemendheid is om:

- Die tyd vir voltooiing van meesters- en doktorsgrade tot 'n gemiddelde van twee jaar vir die meestersgraad en vier jaar vir die doktorsgraad te verlaag. Ten einde die volhoubaarheid van die nagraadse program te verseker, sal die behoud en sukses van nagraadse studente aktief bestuur word.
- Ons leiersposisie rakende ons publikasie-uitset te handhaaf deur: eerstens, alle navorsingsonaktiewe akademiese personeel te identifiseer en hulle te ondersteun om navorsingsaktief te word; en tweedens, die nadoktoralegenootskapskohort tot 350 uit te brei en hul navorsingsuitsette te bestuur om 'n gemiddelde van 1,5 publikasie-eenhede per genoot per jaar te verkry. Die aantal nagraadse studente wat elke jaar inskryf, aan die een kant, en die aantal nagraadse studente wat elke jaar sal gradueer, aan die ander kant (pyplyn), sal geprojekteer en goed gemonitor word met betrekking tot die werkslading van akademici asook finansiële volhoubaarheid.
- Die getal nadoktorale genote tot 350 in 2018 te verhoog, ooreenkomsdig die jong akademiese sterre-strategie.
- Die aantal nagraadse studente tot 40% van die totale studentekohort teen 2018 te verhoog deur die studieleidingskapasiteit te vergroot, waar kapasiteit bestaan. (Die voorgraadse tot nagraadse verhouding is tans sowat 32%. Sommige fakulteite het egter reeds hul kapasiteit rakende nagraadse studieleiding bereik. Daar is nietemin akademici wat geen nagraadse studente het nie.)
- 'n Innoveringsetos op die kampus te kweek wat ons intellektuele eiendom-portefeuilje nog verder sal ontwikkel, om innovasie-hubs in onderskeidelik die Navorsingsubkomitees A, B en C te stig en 'n aansporingskema vir innovasie te ontwikkel.
- Gehalte en leweringsdoeltreffendheid van akademiese programme te verseker deur akademiese personeel se leer-en-onderrig-vaardighede te ontwikkel, en studenteleer in fakulteite uit te brei na die lewende en ko-kurrikulêre omgewings.
- Om deur middel van 'n sistematiese proses omvattende programvernuwing in alle fakulteite te bewerkstellig. Ervare programontwikkelingspersoneel sal, saam met studente, programme hersien met die oog daarop om relevansie vir studente wat in die moderne Afrika-konteks sal funksioneer, te verbeter (dekolonialisasie), en om leweringsdoeltreffendheid te verhoog, die onnodige kompleksiteit van kurrikulumstrukture te verminder, inligtings- en kommunikasietegnologie op 'n

pedagogies verantwoordbare manier te inkorporeer, die programmaanbieding aan leer-en-verdien-studente uit te brei, ens.

- Om die US se unieke ko-kurrikulêre programme te versterk wat koshuis- sowel as dagstudente se graduandi-eienskappe aanvul deur leierskapsontwikkeling, waagmoedige gesprekke oor samelewingskwessies, die bou van vertrouensverhoudings onder studente en personeel, die ontwikkel van 'n verwelkomende kultuur wat die volle diversiteit van ons studente insluit, ens.
- Waar toepaslik voorgraadse en honneursonderriguitsette te handhaaf en te verbeter.
- Kapasiteitsbou-aanbiedinge te verskaf om die program vir graduandi-eienskappe te ondersteun.
- Uitnemendheid te kweek en prestasie aan te moedig deur vennootskappe wat mensekapitaalontwikkeling vir navorsingsuitnemendheid befonds en ondersteun.
- Erkenning aan uitnemende alumni te gee vir hul bydraes as denkleiers wat globale kennis bevorder en die aansien van US-onderrig handhaaf.
- Die US-handelsmerk te posisioneer en akademiese uitnemendheid op so 'n manier te bevorder dat dit nagraadse studente en nadoktorale genote uit die aangewese groepe sal lok.
- Doeltreffende kommunikasieprogramme te ontwikkel wat die instelling se uitnemendheid ten opsigte van studentesukseskoerse, navorsingsuitset, gespesialiseerde (nis-) wetenskaplike gebiede en personeelkundigheid vertoon.
- Tot bestuursuitnemendheid by te dra deur die herposisionering van die institusionele sekretariaatfunksie as 'n instaatsteller in hierdie opsig.

2.3 Bevordering van sosiale impak

Toegewyde, passievolle en visionêre leierskap is nodig om ons universiteit as een van die vooraanstaande instellings op die kontinent te posisioneer. Die volgehoue en doelbewuste fokus op die generiese en spesifieke sosiale impak van leer en onderrig, navorsing en innovasie bevorder die transformatiewe sosiale impak van die US. Deur die belyning van diversiteit, relevansie en sistemiese volhoubaarheid en die behoud van uitnemendheid in leer en onderrig, navorsing en betrokkenheid sal die proses van transformasie 'n voortgesette en inklusiewe een wees, en uiteindelik lei tot sosiale impak en dat "n verskil gemaak word".

Strategiese doelstellings vir sosiale impak is om:

- 'n Strategiese plan vir sosiale impak te ontwikkel wat as 'n raamwerk oor die Universiteit heen deur fakulteite en in PASD-omgewings gebruik sal word.
- Toepaslike institusionele vennootskappe vir verhoogde sosiale impak te versterk en uit te brei.
- Omvattende landelike platforms te vestig om leer en onderrig, navorsing, innovasie, sosiale impak en transformasie te ondersteun.
- Vakkundigheid van sosiale impak en betrokkenheid te bevorder deur die ontwikkeling van 'n teoretiese raamwerk, transdissiplinêre samewerking en assesseringskriteria om sosiale impak te meet.

- Die US-handelsmerk vir toekomstige samewerking met die 2018-Eeu feesprojek te posisioneer om maksimale sosiale impak deur viering van die verlede en herposisionering van die Universiteit vir die toekoms te verseker.
- Erkenning te gee aan die bydrae van US-alumni tot sosiale impak oor 'n diverse spektrum van sosiale prioriteite heen.
- Befondsing en borgskappe te vind wat help om kreatiewe en wetenskaplike talent te ontwikkel wat jeugontwikkeling en ekonomiese deelname aanmoedig.
- Landelike gemeenskappe empaties te versterk en die demokratiese gemeenskap van Stellenbosch uit te bou.
- Die US-handelsmerk te posisioneer met betrekking tot sy denkleierskap, relevansie en die sosiale impak van sy kernaktiwiteite.
- Kommunikasieprogramme gekoppel aan die 2018-Eeu feesprojek te ontwikkel om die US-handelsmerk te bevorder.

2.4 Uitbreiding van internasionalisering

Internasionalisering is veranker in die US se IVS en die US is verbind tot plaaslike relevansie en streeksimpak met 'n globale uitreik, aangesien universiteite in 'n toenemend internasionale konteks werksaam is. Globalisering bring nuwe geleenthede en nuwe uitdagings na 'n toenemend onderling verbonde en onderling afhanklike wêreld. Die US streef daarna om sy graduandi en akademie as globale burgers toe te rus om in hierdie wêreld met potensiële groter veranderlikheid en toenemende tempo van tegnologiese innovasie te floreer; maar meer nog, ons wil hulle bemagtig om internasional belangrike bydraes te lewer wat 'n positiewe impak op samelewings wêreldwyd sal maak.

Strategiese doelstellings vir internasionalisering is om:

- 'n Strategie vir internasionalisering te ontwikkel wat leiding aan die gevoglike internasionaliseringsplan en die implementering van die plan sal gee.
- 'n Raamwerk vir die Afrika-voetspoor buite die grense van Suid-Afrika te ontwikkel, onder ander deur uitbreiding van die kundigheidskapasiteitsontwikkelingsinisiatiwe oor die kontinent heen deur die benutting van bestaande vennootskappe of die vestiging van nuwes.
- 'n Elektroniese stelsel te ontwikkel om 'n databasis van alle netwerke, vennootskappe en samewerkingsooreenkoms te vestig en in stand te hou.
- Internasionale alumni-hubs te bou, te versterk en te ondersteun om die US se netwerke internasional uit te brei en die US se profiel in sleutellandstreke te verhoog.
- Bestaande en nuwe internasionale netwerke in te span om die profiel van die US se prestasies onder internasionale filantropie, universiteitsvennote en institusionele finansiers te verhoog.
- Die US-handelsmerk as 'n belangrike rolspeler in hoër onderwys in Afrika en die buiteland te posisioneer deur doeltreffende eksterne kommunikasieprogramme met die doelwit om groter sigbaarheid in die openbare domein te skep.

2.5 Bevordering van sistemiese transformasie

Transformasie verwys na die grondige en volhoubare verandering en herskepping van alle fasette van die wese en funksies van die US, met die oog op hoër vlakke van uitnemendheid deur diversiteit, toegang en sukses, inklusiwiteit en mede-eienaarskap, toekomsgerigtheid en innovasie, soos verwoord in die IVS. 'n Transformatiewe universiteit dra ook by tot die transformasie van die samelewing na hoër vlakke van waardigheid en genesende versoening, regverdigheid en vryheid, soos verwoord in die Handves van Regte van die 1996-grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Sistemiese transformasie verwys na die omvattende en inklusieve aard van transformasie. Sistemiese transformasie is geïntegreerde, verankerde transformasie wat al die programme en mense, beleide en planne, prosesse en procedures, prakteke en vennootskappe, institusionele kultuur en waardes van die US behels. Sistemiese transformasie impliseer dat die US in 'n transformasie- en herskeppingsmodus in 'n deurlopend veranderende plaaslike en globale omgewing funksioneer.

'n Institusionele Transformasie-implementeringsplan (TIP), wat sal dien as raamwerk vir die transformasie-implementeringsplanne van ander VS'e, fakulteite en PASD-afdelings, word tans gefinaliseer. Hierdie plan baan die weg vir die verdere ontwikkeling van SBA's, insluitende kwantitatiewe aanwysers, maar sal veral aanwysers vir kwalitatiewe transformasie insluit, bv. die herskepping van die institusionele kultuur. Hierdie ontwikkeling sal die huidige transformasieprosesse van die US koördineer, struktureer, uitbrei, verdiep en bevorder.

Strategiese doelstellings vir sistemiese transformasie is om:

- Die proses van institusionele sistemiese transformasie te versnel deur die finalisering van die TIP en die SBA's om die implementering te meet.
- 'n Ondersteunende, inklusieve omgewing in fakulteite en PASD-omgewings te bevorder om transformasie-inisiatiewe wat diversiteit bevorder, te integreer.
- 'n Institusionele kultuur van menswaardigheid, gelykheid en regverdigheid te ontwikkel.
- Globale beleggings in transformasie in ooreenstemming met die ontwikkelingstrategie te lok.
- Geleenthede vir meer diverse alumni-verwantskap en -betrokkenheid te skep om die US se verbintenis tot sistemiese transformasie te demonstreer.
- Institusionele sistemiese transformasie en die TIP onder interne en eksterne belanghebbendes te bevorder.
- Die US-handelsmerk as 'n instelling wat transformasie voorstaan, te posisioneer.
- Die proses van die (her)benoeming van geboue, lokale en voorwerpe aan te dryf om die herskepping van die institusionele kultuur met betrekking tot inklusiwiteit, mede-eienaarskap en toekomsgerigtheid te ondersteun en sigbaar te maak.
- Die nuwe Studente Dissiplinêre Kode te implementeer, wat onder andere transformasie vanaf 'n regterlik-georiënteerde stelsel na 'n administratiewe geregtigheidsproses in die hand sal werk om die unieke vereistes van die studentetugproses in die konteks van die Suid-Afrikaanse grondwetlike demokrasie beter te hanteer.

- Regsdienste te herposioneer en van personeel te voorsien om die uitdagings verbonde aan 'n voortdurend ontwikkelende hoëronderwysomgewing te hanteer en die beleid en strukturele opstelling, goedkeuring en implementering – vergelyk spesifiek die Taal- en Toelatingsbeleid – asook veranderende studenteprofiele te ondersteun.

2.6 Versterking van sistemiese volhoubaarheid

“Volhoubaarheid – 'n sistemiese konsep met betrekking tot die voortsetting van ekonomiese, sosiale, institusionele en omgewingsaspekte van die mensesamelewing – impliseer dat die kritieke aktiwiteit van 'n hoëronderwysinstelling (op 'n minimum) ekologies grondig, sosiaal regverdig en ekonomies lewensvatbaar is, en dat dit sal voortgaan om vir toekomstige generasies so te wees. 'n Waarlik volhoubare universiteit sal hierdie konsepte in sy kurrikulum en navorsing beklemtoon, en studente voorberei om as werkende burgers tot 'n omgewingsgrondige en sosiaal regverdige samelewing by te dra. Die instelling sal as 'n volhoubare gemeenskap funksioneer en verantwoordelike verbruik van voedsel en energie beliggaam, sy diverse lede met respek behandel, en hierdie waardes in die omliggende gemeenskap ondersteun.” (*University Leadership for a Sustainable Future, vraelys oor volhoubare assessering*)

Die dimensies van die US se Aspirerende Sakemodel (**tabel 4.1**) is goed geïntegreerd om sistemiese volhoubaarheid oor die Universiteit heen te verseker. Die uiteindelike doel is om 'n volhoubare omgewing van inklusiwiteit, innovering en diversiteit te skep, en om uitnemendheid met 'n fokus op die toekoms te behou.

Die belangrikheid van sistemiese volhoubaarheid as een van die US se institusionele strategieë is die volgende:

- Volhoubaarheidskwessies kan 'n wesenlike uitwerking op die Universiteit se risikoprofiel, prestasiepotensiaal en reputasie hê, en gevvolglik ook 'n finansiële impak op die US.
- Innovasie in prosesse en procedures is uiters belangrik te einde finansieel by volhoubaarheidskwessies te baat.
- Verskillende fakulteite en PASD-omgewings het verskillende volhoubaarheidskwessies wat wesenlik vir finansiële prestasie is.
- Die bestuur van volhoubaarheidskwessies moet diep in 'n organisasie se kultuur en waardes veranker wees. Spesifieke mechanismes wat deur navorsers in hierdie opsig genoem word, sluit in:
 - Verantwoordelikheid op raadsvlak (ideaal gesproke die Uitvoerende Bedryfshoof);
 - Duidelike volhoubaarheidsdoelwitte wat meetbaar in hoeveelheid en met verloop van tyd is;
 - 'n Aansporingstruktuur vir werknemers om innoverend te wees; en
 - Eksterne ouditeure wat vordering evaluateer.

Spesifieke strategiese doelstellings vir sistemiese volhoubaarheid sluit in om:

- Holistiese akademiese programvernuwing te implementeer om relevansie te verseker en kostedoeltreffendheid van aanbiedinge aan studente te verbeter.

- Nuwe kennismarkte te verken deur verhoogde tegemoetkoming van die ‘leer-en-verdien’-studente deur die aanbieding van kortkursusse, sertifikate en diplomas en om opbrengste op beleggings in inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) te verseker.
- Die bestaande Beurs- en Leningsbeleid te hersien ten einde te verseker dat die fondse werklik strategies spandeer word.
- Tydige SBA-inligting vir besluitneming deur uitvoerende bestuur en dekane te verskaf. Ooreenkomste is nodig oor die soort inligting asook die vereiste gereeldheid daarvan.
- Die profiel en sosiale volhoubaarheid van personeel te bevorder deur die gevestigde praktyk van geïntegreerde werkmagbeplanning.
- Die personeelverwante beleide in die geheel te hersien, insluitende die vergoedingsbeleid en bevorderingsbeleid.
- Strategieë te ontwikkel om die 42% van die koste van die begrotingstoewysing aan vergoeding tot die vlak waarop dit moet wees, te verhoog, en kostedoeltreffende personeelvoorsieningsplanne oor die Universiteit heen te ontwikkel.
- ’n Geïntegreerde kuns-en-kultuurplan vir die US te ontwikkel wat die volhoubaarheid van hierdie belangrike fakulteit en die verwante entiteite sal verseker.
- ’n Beperkte aantal navorsingsentiteite/-temas te vestig om op die bereiking van die VOD’s te fokus.
- Die huidige indirekte kosteverhalingskoers (IKVK) van 17% tot ’n markverwante IKVK van 25% te verhoog en met organisasies wat nie tans IKVK betaal nie oor die betaling van IKVK te onderhandel tot ’n waarde van tussen 0% en 25%.
- ’n Program, saam met die Finansies-afdeling, te ontwikkel om die derdestroominkomste in reële terme te bestuur, om die kontantvloei vir derdestroominkomste beter te kan voorspel.
- 10% op die Biblioteekbegroting teen 2018 te bespaar. ’n Proses is tans ingestel om die materiaalbegroting te rasionaliseer deur bv. kansellasie van duur vaktydskrifinskywings wat nie gereeld genoeg gebruik word nie ten einde spaargeld in die materiaalbegroting op te loop. Hierdie proses sal voortgesit en uitgebrei word om hierdie spaargeld te maksimaliseer.
- Die IT-strategie in 2017 bekend te stel met ’n trapsgewyse benadering in noue samewerking met IKT in die Onderrig- en Leerprogram.
- So gou as moontlik aansoek te doen om ’n gesubsidieerde leerstoel vir die Africa Open-direkteur in die Departement Musiek. Die VR: Navorsing, Innovering en Nagraadse Studies sal hierdie posisie se salaris met ingang 2017 vir ’n tweejaar-tydperk borg. Hierdie proses is reeds onderweg.
- ’n Aksieplan in te stel om die afwaartse spiraal van kruissubsidiëring te bestuur en volhoubaarheid van fakulteite te bereik wat óf nie finansieel volhoubaar is nie óf onder finansiële druk is maar steeds voldoende finansiële reserwes het.
- ’n Projekplan te ontwikkel en te implementeer wat die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe sal vernuwe om finansiële en sistemiese volhoubaarheid te verseker.
- Die bestaande IVS (2013–2018) te hersien en ’n nuwe IVS vir 2018–2023 met ’n gesikte fokus op sistemiese volhoubaarheid te ontwikkel.
- SBA’s vir sistemiese volhoubaarheid te ontwikkel.

- Vierdestroominkomste wat die skenkings van die Universiteit vergroot om toekomstige volhoubaarheid in die hand te werk, te bevorder.
- Onbeperkte filantropiese skenkings aan die US ter ondersteuning van sy strategiese doelwitte te bevorder.
- Filantropiese befondsing en borgskappe van akademiese en navorsingsleerstoele na te streef.
- Die sistemiesevolhoubaarheidsdoelstellings van die IP onder interne belanghebbendes deur doeltreffende kommunikasieprogramme te bevorder.
- Die US-handelsmerk as 'n 'verantwoordelike institusionele burger' en buurstaat te posisioneer.
- Die dokumentbestuurbeleid te implementeer en institusionele dokumente op 'n digitale platform in stand te hou, te beskerm, te behou en daarvan weg te doen in ooreenstemming met fiskale, regs- en historiese vereistes, en doelbewus en toenemend papiergebaseerde prosesse op 'n institusionele vlak te verminder.

Tans word 'n verankerde model, soortgelyk aan die een vir die bestuur van die US se institusionele risiko's, gevvolg rakende bestuur vir sistemiese volhoubaarheid. Hierdie verankerde model moet egter tot 'n groter mate 'geformaliseer' word met 'n verantwoordelike bestuurder vir sistemiese volhoubaarheid.

2.7 Uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek

Die KVP is in Desember 2014 deur die US Raad goedgekeur. Die projek is geïnisieer toe die risiko verhoog het dat baie van die US se fisiese infrastruktuur wanfunksioneerend en vervalle was weens langtermyngebrek aan instandhouding en as sodanig 'n risiko vir die volhoubaarheid van die akademiese projek van die US ingehou het. Die US Bestuur en Raad het erkenning daaraan verleen dat die fisiese fasiliteite van die US strategiese bates en noodsaaklike instaatstellers van 'n wêreldklas- en 'n sistemies volhoubare universiteit is.

Die doel van die KVP is om die standaard van die US se fisiese fasiliteite te verhoog tot dié van 'n wêreldklas- navorsingsintensieve universiteit. 'n Bedrag van R2,2 miljoen oor 'n tydperk van sewe jaar is hiervoor geoormerk. R0,8 miljoen gaan van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHO) en Fasiliteitsbestuur se eie instandhoudingsbegroting verhaal moet word, en R1,4 miljoen van Raadsfondse, die Stellenbosch Trust en die moontlike verkope van rustende bates.

Die **strategiese doelwitte** van die KVP is om:

- Die instandhoudingsagterstand in te haal om die dringendste probleme rakende veiligheid, voldoening aan statutêre vereistes, diensonderbreking asook reputasierisiko's te hanteer.
- Die US se infrastruktuurvernuwing, opgradering en opknapping strategies te versnel.
- Riglyne deurlopend toe te pas wat gerig is op toekomsgerigte ontwerp van fasiliteite vir hoëronderwysinstellings soos volhoubaarheid; verdigting van ruimte (optimale geboubenutting); generiese, buigsame en aanpasbare ontwerpe; toegang tot die nuutste

tegnologie; aanpasbaarheid by nuwe onderrigmetodes; ontwerpbeginnels vir veilige ruimtes; toeganklikheid; sekuriteit; universele ontwerp; en optimalisering van lewensikluskoste.

- Funksionele toekomsgerigte infrastruktuur te verskaf wat gemik is op 2030-vereistes, en selfs verder, waar moontlik, binne die beskikbare begroting.

Die KVP se **spesifieke doelstellings** sluit die volgende in:

- Ontwikkeling van befondsingstrategieë vir die projek:
 - Skakeling met die Stellenbosch Trust
 - Aktiewe skakeling met die DHOO om finansiële steun vir die projek te kry
 - Identifisering en moontlike vervreemding van rustende bates
 - Toepassing van Raadsbefondsing
- Voortgesette belyning met die doelstellings van die IKT-projek soos goedgekeur deur die Raad in Mei 2014
- Implementering van 'n projekbestuurstruktur om goeie bestuur en doeltreffende uitvoering van die projek te verseker:
 - Implementering van projekmetodologie
 - Implementering van gesagdelegerings
 - Implementering van projekkostebeheer
 - Aanstelling van personeel
 - Aanstelling van professionele spanne
 - Implementering van proses- en ondersteunende tegnologie
 - Implementering van veranderingsbestuurmetodologie en betrokkenheid deur belanghebbendes
 - Deurlopende monitering en evaluering met die nodige terugvoerlusse
- Gedetailleerde ontwikkeling van die beginsels van toekomsgerigte volhoubare ontwerp wat oor alle projekte heen geïmplementeer sal word met 'n spesifieke fokus op die lewensikluskoste van 'n gebou
- Gedetailleerde identifisering van spesifieke projekvereistes en gevolglike belynings met die US se IVS, die US se IP, die verskillende fakulteite en PASD-omgewings se sakeplanne en die goedgekeurde doelwitte van die KVP
- Prioritisering van projekte deur die Uitvoerende Dagbestuur van die KVP in ooreenstemming met die IVS, die sakeplan, risiko-assessering asook beskikbare befondsing
- Implementering van bestepraktyk-boukontraktering
- Implementering van prestasiebestuur van diensverskaffers, insluitende professionele spanne
- Streng bestuur van die klein kapitaalwerke om te verseker dat geen oorbodige werk gedoen word in geboue wat binnekort vernuwe gaan word nie, wat tot verwisting sal lei
- Deurlopende intydse risikobestuur.

Prioriteitsprojekte wat volgens ooreenkoms oor die volgende twee jaar 'n aanvang sal neem, sluit in:

- Dramagebou en HB Thom-teater: Opgradering, inhaal van instandhoudingsagterstand en bou van 'n nuwe Klein Teater. Die totale koste van hierdie projek is R96 miljoen – daar is in Julie 2016 met bouwerk begin en die voltooiingsdatum is Desember 2017.
- Ingenieurskompleks: Opgradering, vernuwing en inhaal van instandhoudingsagterstand. Die Meestersplan is reeds opgestel en die totale koste oor 'n sewejaar-projeklewe kan tot R800 miljoen beloop. Bouwerk aan die eerste fase sal in Junie 2017 begin.
- Van der Sterr- en Rekeningkunde- en Statistiekgebou: Verbouing, opgradering en vernuwing. Die projek is tans onderweg en die besettingsdatums is Januarie 2017 vir die lesingsale en Mei 2017 vir die res van die gebou.
- Tygerberg Fisan-navorsingsfasiliteit: Nuwe anneks en opgradering en inhaal van instandhoudingsagterstand van bestaande Fisan-gebou. Die totale beraamde koste vir hierdie projek is R750 miljoen, waarvan slegs R350 miljoen tans beskikbaar is. Spesiale planne word gemaak om die nodige fondse vir hierdie belangrike navorsingsgebou in te samel.
- Letter en Sosiale Wetenskappe: Verdigting, opgradering, inhaal van instandhoudingsagterstand en nuwe Lettere-anneks. Hierdie projek is deur die Fakulteit vertraag weens die hersiening van hul sakeplan.
- Sportfasiliteite: Opgradering, vernuwing en inhaal van instandhoudingsagterstand. Die volgende is die dringendste projekte:
 - *Atletiekstadion*: Bouwerk sal in Februarie 2017 begin en moet aan die einde van 2017 voltooi wees.
 - *Lentelus nuwe kleedkamers en klubhuis*: Sketsplanne en kosteberamings word tans gedoen.
 - *Lentelus-velde*: Opgradering van die bestaande velde sal in Augustus 2017 afgehandel wees. Die nuwe grasveld met nuwe spreiligte sal aan die einde van 2017 voltooi wees.
 - *Lentelus B-veld*: Installering van spreiligte sal in Augustus 2017 afgehandel wees.
 - *Coetzenburg-atletiekbaan*: Vervanging van baanoppervlak sal in die middel van 2018 afgehandel wees.
 - *Atletiekstadion – opgradering van kleedkamers en kantoor*: Beplanning 2017
 - *Nuwe spreiligte vir die Coetzenburg C-rugbyveld*: Beplanning 2017
- Tygerberg-biblioteek: Vernuwing en inhaal van instandhoudingsagterstand.
 - Bouwerk word beplan vanaf die einde van Januarie 2017 tot aan die einde van 2017, met die nuwe biblioteek wat teen 2 Januarie 2018 volledig in werking sal wees.
- Bellvillepark: Nuwe lesingsale en uitbreiding van kantore. 'n Bedrag van R45 miljoen is beskikbaar vir hierdie projek, wat nie genoeg is om in die fakulteit se behoeftes te voorsien nie. Moontlikhede word ondersoek om gedeeltes van die grond wat die US nie gaan gebruik nie te ontwikkel, te verkoop of te verhuur (eksplotasie van die sogenaamde rustende bates), nadat 'n ooreenkoms aangegaan is met die Stad Kaapstad en 'n impakstudie op die grond uitgevoer is, en ook om moontlik die Universiteit Stellenbosch Bestuurskool (USB) na Stellenbosch te verskuif.
- Vernuwing van gekose lesingteaters op die hoofkampus.

- Die opgradering van die eerstejaar-Chemie-lesingsale, wat die hoogste prioriteit was, vind tans plaas vir voltooiing aan die einde van 2017.
- Nuwe Onderrig-en-Leersentrum
 - Bouwerk sal volgens beplanning in Mei 2017 begin.

3. DIE INSTITUSIONELE PLAN 2017–2022: GRONDSLAG EN VERTREKPUNTE

Hierdie IP, met Visie 2013 as sy kompas in ooreenstemming met die aanvaarde IVP vir 2013–2018, is gemik op die verwesenliking van die strategiese temas op 'n geïntegreerde manier deur al die sake-eenhede van die US op gesikte manier in lyn te stel. Die **dimensies van die US se Aspirerende Sakemodel** (tabel 4.1) word in hierdie plan as 'n realistiese en volhoubare benadering tot ons toekoms oorgedra. Meer besonderhede word gegee in **bylaag A.1 (Visuele voorstelling van die Universiteit Stellenbosch se Geïntegreerde Bestuursmodel)** en **A.2 (Skematische oorsig van die institusionele strategiese prioriteite)**.

Die ontwikkeling van die IP het 'n volledig gedokumenteerde, omvattende, iteratiewe en konsulerende proses behels, waarby al die toepaslike besluitnemers en rolspelers betrek is. Die strategiese temas in die **IVS vir 2013–2018** is ingesluit in die **IP 2017–2022**, en word weerspieël in fakulteite en VS'e se onderskeie geïntegreerde aksieplanne met betrekking tot dieselfde prioriteite.

Areas waar fakulteite onderneem om sekere strategiese temas te ondersteun en belyning met spesifieke aktiwiteite in die ondersteunende VS'e word getoon in **bylaag B (Verantwoordelikheid vir implementering deur fakulteite ter ondersteuning van die Institusionele Plan 2017–2022)**.

Die vertrekpunte van hierdie IP sluit die volgende in:

- Die **IVS 2013–2018** dien om die US se strategie te rig en toon aan waar en hoe die US gepositioneer is.
- Die **IP 2017–2022** is 'n praktiese uitbreiding van die IVS 2013–2018 met die doel om die operasionalisering van die US se strategieë te fokus, te integreer en te koördineer.
- 'n Stel **SBA's** word in **bylaag A.4** gegee om 'n omvattende oorsig van die uitvoering van die US se strategie te gee. Hierdie SBA's is verder in laer vlakke verdeel, wat die US-fakulteite en ander organisasie-eenhede se bydraes tot die US-strategie voorstel en meet. As bogenoemde strategiese doelwitte en inisiatiewe suksesvol behaal word, sal dit die US se posisie as 'n toonaangewende navorsingsintensieve Afrika-universiteit bevorder.
 - Daar was deurgaans 'n baie sterk fokus op die integrasie van strategieë en aksieplanne tussen die drie kernsake-areas (Leer en Onderrig, Navorsing en Sosiale Impak). Dit is 'n iteratiewe proses wat deur die loop van 2017 voortgesit sal word.
 - Sistemiese volhoubaarheid was een van die baie belangrike toetse wat in ons strategie-, beplannings- en begrotingsprosesse toegepas is. Dit het geleid tot baie spesifieke doelstellings, soos hierbo en in **bylaag B** uiteengesit.

4. DIE US SE ASPIRERENDE SAKEMODEL

4.1 Dimensies van die Sakemodel

Die verskillende dimensies van die US se Aspirerende Sakemodel (**tabel**) is uiters noodsaaklik vir geïntegreerde beplanning asook vir spesifieke beplanning en die uitvoer van aktiwiteite.

Die **dimensies van die Aspirerende Sakemodel** is gesentreer op die volgende:

- Die elemente waarop die US se unieke en blywende **waarde-aanbod** vir verskillende belanggroeppe gebou is;
- Die behoeftes van die verskillende **belanghebbendes** word as vertrekpunt gebruik en daarmee saam die waardetoegevoegde, behoeftebevredigende en wederkerig voordelige **verhouding** wat **met elke belanggroepering gebou** word (asook die kanale wat daarvoor gebruik word);
- Duidelike aanwysers van die **inkomstestrome** wat die US deur hierdie waardetoegevoegde dienslewering genereer;
- Die **kernaktiwiteite** wat die US onderneem, waarvoor sleutelhulpbronne (elk in 'n spesifieke konteks met betrekking tot aktiwiteite) gebruik word om die **waardetoegevoegde dienste** te lewer;
- Die **kostestruktuur** met betrekking tot sleutelhulpbronne om hierdie aktiwiteite te onderneem; en
- Die **personeellede** van die US, spesifiek die manier waarop hulle kernvaardighede ontwikkel en toepas om die **waarde-aanbod** uit te bou. Om hierdie rede is die klem daarop om die US as 'n voorkeurwerkewer te vestig en 'n aantreklike en markverwante **werkewerwaarde-aanbod** te ontwikkel en te implementeer.

'n Gedetailleerde ondersoek van en insig in hierdie model het die Bestuur in die posisie geplaas om spesifieke strategiese prioriteite en aksies in gefokusde bestuursmodelle en planne vir spesifieke tydhorisonne, in hierdie geval 2017–2022, te beklemtoon. Hierdie prioriteite word uitgelig in die US se Geïntegreerde Bestuursmodel (GBM), soos visueel in **bylaag A.1** geïllustreer.

TABEL 4.1: Die dimensies van die US se Aspirerende Sakemodel

DIMENSIES VAN DIE US SE ASPIRERENDE SAKEMODEL				
Vennote 1. Regering en regeringsagentskappe 2. Industrie (plaaslik en internasionaal) 3. Alumni 4. Donateurs (plaaslik en internasionaal) 5. "Association of African Universities" 6. US Raad 7. Internasionale netwerke 8. Stadsraad en Municipaaliteit 9. Sportliggame (waaronder Stellenbosch Sportakademie) 10. Suid-Afrikaanse Polisiediens en private sekuriteitsfirmas 11. Geselekteerde verskaffernetwerke	Aktiwiteite 1. Navorsing en innovasie (basis en toegepas) 2. Leer en onderrig (op kampus en van kampus af) 3. Sosiale impak 4. Internasionalisering 5. Bemagtigende professionele en administratiewe steundienste (Menslike Hulpbronne, Finansies, Fasiliteitsbestuur, Veiligheid en Sekuriteit, Studente-ondersteuning, Informasietegnologie, Sport, Mobiliteit, Studenteverblyf, Kommersialisering, Gehalteverzekering) 6. Tegnologie-oordrag en besigheidsontwikkeling 7. Korporatiewe Kommunikasie en Openbare Betrokkinge 8. Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge Hulpbronne 1. US Handelsnaam/-reputasie 2. Mense (werknelmers) vermoëns en interaksie, insluitend vermoë om te innoevel 3. Fakulteite met behoefte-gedrewe en funksionele akademiese aanbod 4. Studentevermoë om saam waarde te skep en mede-verantwoordbaar te wees 5. Fasiliteite (akademies, studentebehuising, goed toegeruste laboratoria, IKT-fasiliteite) 6. Intellektuele kapitaal 7. Befondingsbronne 8. Goed funksionerende administratiewe stelsels 9. Alumni 10. Industrie 11. Regering 12. Verskaffernetwerke 13. Verwelkomende institusionele kultuur	Waardeproposisie 'n Funksie van: 1. Reputasie, globale ranglyste en netwerke 2. Gekose hoëronderwysvennote in Afrika 3. Hoëronderwysweg na Afrika 4. Relevansie en interaksie: plaaslik, Afrika, global 5. Gehalte, sukses en uitgebreide akademiese voetspoor 6. Verantwoordbaarheid, bekostigbaarheid en inklusiviteit 7. Innovasie en entrepreneurskap: insette, prosesse en uitsette (Leer & Onderrig, Navorsing, Sosiale Impak) 8. Sistemiese volhoubaarheid 9. Bestuursoorsig 10. Invloed van geografiese lokaliteit 11. Sport: fasiliteite, wetenskap, verskillende kodes, kundigheid, reputasie 12. Veilige en koesterende omgewing 13. Werkgewer van keuse 14. Universiteit in diens van die samelewing 15. Tegnologie-oordrag: Patente, lisensies, Innovus, LaunchLab, afwentelmaatskappye-portefeuille 16. Meertalighed 17. Ko-kurrikulêre aktiwiteite	Verhoudings (per belangsgroep) 1. Aanloklike voordeel 2. Bemagtiging, sukses en verseker indiensneembaarheid 3. Geloofwaardigheid, uitnemendheid en internasionale erkenning 4. Toeganklikheid en oordraagbare hoëronderwys 5. Buigsaamheid en relevansie 6. Veiligheid, bekostigbaarheid, gehalte en toeganklikheid 7. Mededingende werknelmerwaardeproposisie 8. Gerekend as 'n nasionale hoëronderwysbate 9. Venootskappe met industrie om nuwe kennis op relevante, doeltreffende manier te genereer en te versprei 10. Bestuursoorsig, hefboomeffek t.o.v. groot kwesties 11. Gehalte, inligting en kommunikasie 12. Volhoubare koöperatiewe bestaan met US en belyning van doelwitte 13. Goed bestuur-en-beheer van 'n wêredrangse universiteit 14. Mede-eienaarskap en bevorder gehalte van hoëronderwys in Afrika 15. Bevorderlike omgewing vir hoëprestasie sport	Sleutelbelange-groep 1. Personeel 2. Voornemende studente 3. Studente - Voorgraadse studente - Nagraadse studente 4. Internasionale studente 5. Massa-mark (diplomas) 6. Leer-en-verdien-studente 7. Ouers 8. Regering 9. Industrie 10. Donateurs 11. Alumni 12. Stellenbosch Municipaaliteit en dorp 13. US Raad 14. Vakbonde 15. Internasionale befondings-agentskappe 16. "Association of African Universities" 17. Sport – plaaslik en internasional 18. Dienverskaffers deur lewensvatbare kontraktering 19. Waagkapitaal-maatskappye 20. Beleggers
Kostestruktuur (2017) 1. Werknelmerskoste (41.9%) 2. Operasionele koste (52.6%) 3. Ander (waardevermindering en finansiële heffings) (5.5%)	Inkomstestrome (2017) 1. Eerste geldstroom: Staatsubsidie as % van totale inkomste (24.47%); Staatsubsidie en Ander Staatsbefondsing (38%) 2. Tweede geldstroom: Studente- en verbylsfelde (30%) 3. Derde geldstroom: Navorsing, beleggings, kommersialisering en verkope (26%) 4. Vierde geldstroom: Filantropiese skenkings en bemakings (6%)	Hoofkanale Vir primêre dienslewering <i>Aflewering – Leer en Onderrig</i> 1. Op kampus aangesig-tot-aangesig-onderig 2. Gemengde leer (insluitend web-, telematiese, eksperimentele en aksie-leer 3. Virtueel (insluitend via vennote) <i>Aflewering – Navorsing</i> 1. Publikasies 2. Seminare 3. Boeke 4. Leer en onderrig 5. Innovus (tegnologie-oordrag, LaunchLab, kommersialisering) <i>Aflewering – Sosiale Impak</i> 1. Geïntegreer met leer en onderrig 2. Gesamentlike projekte met gemeenskap		

4.2 Die US: Geïntegreerde Bestuursmodel (GBM)

Die US se sukses hang van sowel strategiese as bedryfsuitnemendheid af. Die **GBM** is ontwerp met hierdie doel voor oë, naamlik om 'n geïntegreerde begroting en 'n geïntegreerde verslag te lever. Die fokus is op integrasie tussen die drie kernfunksies (Leer en Onderrig, Navorsing en Sosiale Impak), wat omvattend deur die tien fakulteite deur die verskillende lewingsmodusse (op kampus, vermeng en virtueel) aangebied word. Dit sal die US in staat stel om sy kapasiteit met betrekking tot grootte en vorm te bereik, soos in die IVS uiteengesit. Ten einde dit te bereik, tree die PASD-omgewings as instaatstellers op en is hulle buigsaam om aan die eise van verandering in die voortgesette strewe na uitnemendheid te voldoen. Al hierdie elemente (uitkoms, kernfunksies, akademiese aanbiedings, lewingsmodusse en instaatstellers) van die US se GBM word aangedryf deur die sewe institusionele strategieë, naamlik verbreding van toegang, behoud van die momentum van uitnemendheid, bevordering van sosiale impak, uitbreiding van internasionalisering, bevordering van sistemiese transformasie, versterking van sistemiese volhoubaarheid, en die uitvoering van die Kampusvernuwingsprojek (KVP). Hierdie sewe institusionele strategieë rig en lei alle aktiwiteite en sny oor alle werkzaamheide van die US heen. Dit maak voorsiening vir die ontwikkeling van die SBA's wat ooreenstem met die strategieë en vir ooreenstemmende veeljaar-fakulteitsplanne. Om hierdie rede word 'n GBM (**bylaag A.1**) gebruik, wat voorsiening vir die volgende maak:

- Die optimale amalgamasie van strategiese en bedryfsbestuur
- 'n Dinamiese verhouding tussen institusionele, funksionele, afdelings- en individuele prestasie
- Dinamiese en buigsame bestuur om konsekwente uitnemendheid te verseker
- Die US se begroting wat 'n rol speel in die sin dat dit die Bestuur bemagtig om van strategie na uitvoering te beweeg en aksieplanne te implementeer, waarop ooreengekom is – in ooreenstemming met die visie, strategiese prioriteite en sentrale temas van die IP.

5. OORKOEPELENDE SBA'S

'n Gekose reeks SBA's dien om te bepaal tot watter mate die US, oor 'n sekere tydperk, sy strategiese prioriteite, temas en doelwitte, soos gedefinieer in die **IVS 2013–2018**, verwesenlik het. Ten einde hierdie strategiese prioriteite, temas en doelwitte te ondersteun, is die versameling SBA's van die verlede aangepas en nuut saamgestel om implementering, monitering en evaluering van die IP met verloop van tyd moontlik te maak. Voorts is dit in die volgende kategorieë gerangskik, wat die kernstrategieë (**tabel 5.1**) van die US voorstel: kennisbasis, studentetoegang, grootte en vorm, transformasiedoelwitte, navorsing, tegniese innovasie en finansies, en ander instaatstellers.

Die versameling SBA's is op so 'n manier gekies dat hulle 'n oorkoepelende dog omvattende beeld van die US vir die toekoms voorstel, maar terselfdertyd ook omdat hulle historiese neigings toon. Hierdie historiese data, asook projeksies van 2017–2022, word in **bylaag A.4**.

aangetoon. Die metings is tans kwantitatief, maar kwalitatiewe metings sal in die toekoms ook in berekening gebring word, waar toepaslik. Na ons mening is dit noodsaaklik dat die kwalitatiewe metings as 'n saak van prioriteit ontwerp en geïmplementeer word. Na ons mening gee die uitsluitlike fokus op kwantitatiewe metings ons nie bloot net 'n gedeelte van die prentjie nie, maar kan dit inderwaarheid die beeld verwring en tot ongewenste praktyke in die strewe na uitsluitlik kwantitatiewe resultate lei. SBA's word op alle organisasie-, akademiese en steuneenhede by die US toegepas en elke SBA kan in laer vlakke van fakulteite en ander organisasie-eenhede of in ander groeperings, soos rasse- of taalgroepe, in die US verdeel word. Sodanige besonderhede word egter nie in hierdie IP voorgestel nie, maar is beskikbaar as konsepte en vir prestasiebestuur.

TABEL 5.1: Gekose oorkoepelende SBA's gegroepeer volgens tema en mikpunte vir verwesenliking teen 2022 (vergelyk bylaag A.4 vir besonderhede)

Tema	Verantwoordelikheidssentrum	SBA's	Mikpunt vir 2022
Kennisbasis	Leer en Onderrig; Navorsing	% van permanente C1-personeel met 'n doktorsgraad ^{1,2}	65%
Studentesukses	Leer en Onderrig; Navorsing	Studentesukseskoers (voorgraads en nagraads; HEMIS-gebaseer) ^{1,3}	85%
	Leer en Onderrig	% studente wat hul kwalifikasies in die minimum voorgeskrewe tyd (deur DHOO) plus twee jaar behaal het ^{1,3}	77%
Grootte en vorm; Transformasiedoelwitte	Leer en Onderrig; Navorsing	Samestelling van totale studenteliggaaam (% SBI) ^{4,5}	46.8%
	Leer en Onderrig	% voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NKR-vlak 8) aangebied in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroep ⁴	25.0%
	Leer en Onderrig	% voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NKR-vlak 8) aangebied in SOWEL Afrikaans as Engels in DIESELFDE klasgroep ⁴	60.0%
	Leer en Onderrig	% voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NKR-vlak 8) aangebied in SLEGS Afrikaans of Engels aan 'n klasgroep ⁴	15.0%
	Sosiale impak, Transformasie en Personeel	Samestelling van permanente personeel (% SBI) ^{4,5}	55%
	Sosiale impak, Transformasie en Personeel	Samestelling van permanente personeel (% vroue) ^{4,5}	60%
	Leer en Onderrig; Navorsing	% voorgraadse diplomas/sertifikate, nagraadse diplomas/sertifikate van totale aantal programme ^{4,6}	10%
Navorsing en Tegnologiese innovasie	Navorsing	Geweegde navorsingsuitsette per VE-C1-personeellid ^{1,2}	2.44
	Uitvoerende Bedryfshoof	Aantal kennisgewings van lewensvatbare uitvindings per jaar	50
	Navorsing	Aanwyser vir Afrika-vennootskappe ^{1,2}	40
Finansies en ander instaatstellers	Leer en Onderrig; Uitvoerende Bedryfshoof	VE-studente geweeg met studievlek per VE-C1-personeellid ^{7,8}	24%
	Uitvoerende Bedryfshoof	% wat derdestroominkomste van US se totale inkomste vorm ^{7,9}	32,3%
	Uitvoerende Bedryfshoof	% wat vierdestroominkomste van US se totale inkomste vorm ^{7,9}	10%
	Uitvoerende Bedryfshoof; Sosiale impak, Transformasie en Personeel	% van personeelvergoeding wat nie uit die hoofbegroting bekostig word nie ^{7,8}	45%
	Sosiale impak, Transformasie en Personeel	Aanwyser vir sosiale impak (moet in 2017 gefinaliseer word) ⁷	
	Uitvoerende Bedryfshoof	Aanwyser vir omgewingsvolhoubaarheid (moet in 2017 gefinaliseer word) ^{7,10}	

Strategiese doelwitte wat ondersteun word: ¹Behou momentum van uitnemendheid; ²Vooraanstaande navorsingsinstelling in Afrika; ³Handhaaf studentesukseskoers; ⁴Verbreed toegang; ⁵Verhoog diversiteitsprofiel; ⁶Nuwe kennismarkte; ⁷Bevorder impak op samelewing; ⁸Geïntegreerde beplanning en verslagdoening; ⁹Sakeprosesse en fondsinsameling vir finansiële volhoubaarheid; ¹⁰Omgewingsvolhoubaarheid.

 Mikpunt nog uitstaande

6. SKAKELING VAN DIE STRATEGIE EN PLAN MET DIE BEGROTING

Die bestuursbenadering behels dat die US se begroting opgestel word om die ooreengekome strategie en aksieplanne te ondersteun. Die US streef na 'n enkele geïntegreerde US-plan met, as integrale elemente, funksionele US-planne ten opsigte van ons kernbesigheid, PASD-omgewings en werksaamhede. In die lig hiervan is fakulteite en PASD-omgewings se omgewingsplanne maksimaal inlyn gestel met die institusionele strategieë, met die unieke omstandigede in ag genome. Hierdie belyning skep fokus en koördinasie.

Ongelukkig is daar nie genoeg finansiële hulpbronne om alle strategieë en planne volledig en/of gesamentlik te befonds nie, en kompromieë en prioritisering op verskillende vlakke moet ná diepgaande gesprekke plaasvind. Die implementering van die **IP 2017–2022** sal plaasvind teen die agtergrond van finansiële werklikhede. Ná omvattende en deurlopende beraadslaging is 'n verantwoordelike Begroting en Finansiële Plan vir 2017–2022 opgestel. Die proses, beginsels, aannames en vertrekpunte en uitdagings ingevolge waarvan die begroting opgestel is, asook die belangrikste eienskappe en interne en eksterne risiko's, word in 'n afsonderlike memorandum met 'n meegaande opsomming van die 2017-begroting uiteengesit.

In **afdeling 5** en in **tabel 5.1** word die SBA's en die mikpunte verskaf waarteen vordering gemeet sal word. Die onderskeie verantwoordelikhede vir implementering word op 'n hoëvlak in **bylaag B** uiteengesit. Dit, soos uiteengesit in die onderskeie omgewingsplanne, rig die begrottingsprioriteite en toewysing.

Twee groot oorkoepelende institusionele prioriteite, wat ten grondslag van die posisionering van die US lê, en wat in die US se strategieë geïntegreer is, is die US se KVP en IKT-projek. Die Raad het in Junie 2014 'n belegging van R218 miljoen in IKT en in November 2014 'n belegging van R2,3 biljoen in instandhouding en opgradering van fasiliteite, insluitende dié van Sport en Ontspanning, goedgekeur.

Die historiese status van sport en die kritieke bydrae wat dit tot die gebalanseerde ontwikkeling van ons studente maak, maak sport 'n integrale deel van tersiêre onderrig. Die professionele waarde en aantrekkingskrag van sport in die moderne era bied kommersiële geleenthede, wat saam met die uitbou van die akademiese aanbod ondersoek kan word. 'n Strategiese Raamwerk vir Sport, die implementeringsplan en begroting is goedgekeur. Die KVP sal oor sewe jaar uitgevoer word en projekte om die grootste gebourisikogebiede aan te pak, sal in 2017 voorgesit word. Die IKT-projek is gefokus op die vernuwing van die US se bedryfstelsels en implementering van nuwe IKT-tegnologie oor 'n vyfjaartydperk.

7. VERANTWOORDELIKHEDE VIR IMPLEMENTERING

Die US se **GBM** (bylaag A.1) toon hoe die institusionele strategieë die kernaktiwiteite (leer en onderrig, navorsing en sosiale impak) asook die werksaamhede van die Universiteit beïnvloed. Die Rektor en Visekansellier is verantwoordelik vir die algehele implementering van die GBM. Die onderskeie VS-hoofde neem verantwoordelikheid vir implementering in hul verantwoordelikhedsgebiede, nl. leer en onderrig, navorsing, sosiale impak, transformasie, internasionalisering en operasionalisering. Institusionele strategieë sluit duidelik gedefinieerde strategiese doelstellings in. Dit sluit alle VS'e in en is verbintenisse wat deur die VS-hoofde gemaak is vir bereiking in 2017. Hierdie doelstellings word as grondslag vir jaarlikse werkooreenkomsste gebruik.

Die omgewingsplanne en fakulteitsplanne is in lyn met die strategiese doelstellings. In die raamwerk van die onderskeie omgewingsdoelwitte sal die spesifieke uitsetdoelwitte met alle universiteitspersoneellede kontrakter word. Dit gebeur deur wederkerig ooreengekome werkooreenkomsste, wat die grondslag vir universiteitswye prestasiebestuur en beloning bied. Sodoende sal geïntegreerde en doelgerigte bestuur op alle vlakke in die US plaasvind en die gedrag en uitkomste van elke personeellid sal individueel in lyn gestel word met die doelwitte van die US. Hierdie benadering werk ooreenstemming van die institusionele strategieë met departemente implementering in die hand en maak voorsiening vir monitering en evaluering oor die sleutelfunksionele en -bedryfsareas heen.

8. WAT HIERDIE PLAN VIR DIE US SE BELANGHEBBENDES BETEKEN

Teen die jaar **2030** sal die US bekend staan as:

- Die instelling waar **denkleiers** gevind en opgelei word;
- Die instelling wat **toegang tot nuwe kennismarkte** bepaal;
- Die omgewing waar **grondige ervarings van diversiteit** ten opsigte van die geestes-, sosiale en natuurwetenskappe gekweek word;
- Die instelling wat aan die voorpunt van **navorsing en innovering** asook **tegnologie-oordrag**, die **beskerming van intellektuele eiendom en kommersialisering** deur **patentering, lisensiëring en stigting van afwentelmaatskappye** in ons land en die res van die kontinent is;
- Die instelling wat suksesvolle studente lewer wat **leiers** in besigheid en sosiale entrepreneurskap is;
- Die instelling waar **sosiale en sake-etiek** op die voorpunt is; en
- 'n **Relevante, wêreldklas-instelling** gewortel in Afrika.

Almal met 'n band met die US in die verlede, hede en toekoms sal voordeel put uit hierdie breë posisionering van die Universiteit. By die US sal ons die gehalte en uitnemendheid van ons onderrig, navorsing en sosiale impak handhaaf en bewys dat ons relevant is vir ons gemeenskap en belanghebbendes.

Studente by die US sal voorberei word op wat die toekoms inhoud deur toegelaat te word om met diverse groepe mense (personeel en studente), idees en kennis in aanraking te kom deur hulle te posisioneer as die denkleiers van die toekoms, en deur die waardes wat ons nastreef om te kweek, insluitende uitnemendheid, gedeelde verantwoordelikheid, empatie, innovasie en leierskap in diens van ander. Ons fasiliteite en personeellede is uitnemend en goed voorbereid om studente te ondersteun wanneer nodig.


Die hele omgewing by die US is stimulerend en verwelkomend vir sowel die **akademiese as die PASD-personeelkader**. Daar is genoeg ruimte vir hulle om met mekaar in wisselwerking te tree en wedersydse ondersteuning te ontvang. 'n Kultuur van innovering, sowel sosiaal as tegnologies, heers. Personeellede word gewaardeer en hul bydraes word erken, en hul verdere professionele ontwikkeling word ook aangemoedig. Hulle is uiters vaardig en maak 'n verskil aan die Universiteit en studente.

Namate die **alumni** van ons universiteit oor die afgelope paar jare toegeneem het, het die instelling met trots sy reputasie en gehalte, sowel nasionaal as internasionaal, uitgebrei, soos bewys deur verskeie onlangse ranglyste. Ons streef om ons universiteit relevant te hou. Daar is goeie geleenthede om 'n bydrae tot die instelling as 'n geheel te maak en om deel van sy toekoms te wees.

Ons alumni maak reeds 'n betekenisvolle bydrae tot die volgende generasie studente deur toonaangewende navorsing en ander projekte te ondersteun. Die temas soos gesien in **bylaag A.2** (Institutionele strategieë in **bylaag A.1**) van 'verbreding van toegang, behoud van die momentum van uitnemendheid en bevordering van die impak op die samelewing' hou verband met relevansie en impak – twee sleutelfaktore vir die betrokkenheid van **alumni, skenkers en beleggers**. Die bied 'n unieke geleentheid vir alumni en skenkers om by 'n opwindende nuwe visie betrokke te raak, wat transformerend is en waarop hul bydraes 'n belangrike uitwerking sal hê. Skenkers en alumni toon toenemend aan dat hulle verkies om 'n bydrae te lewer tot instellings en 'projekte' wat tasbare uitkomste vir hul skenkings het. Dit bied ook aan ons die geleentheid om ons 'maniere van gee' kreatief vir verskillende gehore te verpak, en veral vir nuwe markte, wat innoverend en buigsaam is, en wat die grense van alumni, korporatief, trust en erfenissskenkings uitbrei.


Die vertroue wat lede van die US Raad, die gemeenskap en regeringsliggame in die leierskap en bestuur van die US plaas om die US as 'n plek van inklusiwiteit, innovasie en 'n fokus op die toekoms te posisioneer, word deurlopend met erns opgeneem. Die instelling se herposisionering is relevant sonder om gehalte in te boet; ons het reeds talle innoverende projekte op ons kampus getoon en sal die voordeel van relevansie volhou deur hierop te verbeter. By die US het die Bestuur al hierdie beplanning gedoen in die konteks van ons land en die res van die kontinent en is verbind tot die lewering van ekonomies lewensvatbare en uitnemende graduandi aan verskillende bedryfsvennote, en deur beduidende bydraes tot kapasiteitsbou en die land se groeiende ekonomie te maak.

BYLAAG A.1: Visuele voorstelling van die Universiteit Stellenbosch se Geïntegreerde Bestuursmodel




BYLAAG A.2: Skematische oorsig van institusionele strategiese prioriteite en temas, wat gekose strategiese doelwitte gefokus op elemente van Visie 2030 aantoon

(http://www.sun.ac.za/english/Documents/Strategic_docs/IP%20english%20website.pdf)



BYLAAG A.3: Die US se Geïntegreerde Bestuursmodel

US: GEÏNTEGREERDE BESTUURSBENADERING



SLEUTEL: SP1 TOT 3 = Strategiese Prioriteite; T1 tot Tn: Strategiese temas

BYLAAG A.4: Strategiese bestuursaanwysers vir die Universiteit Stellenbosch met verloop van tyd

(Historiese data [2008–2015/16] en projeksies tot 2022)

#	Aanwyser	Berekeningsmetode	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021	2022
1	% van permanente C1-personeel met 'n doktorsgraad	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde C1-personeel op die ampelike sensusdatum (A). Bepaal die totale aantal permanent aangestelde C1-personeel met doktorale kwalifikasie op die ampelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).	61.3%	57.5%	57.0%	60.5%	61.3%	60.8%	61.8%	60.6%	60.3%	62.4%	63.0%	63.5%	64.0%	65.0%	65.0%
2	Studentesukseskoers (voorgraads en nagraads; HEMIS-gebaseer)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale aantal voltyds-ekwivalente (VE-) studente (A). Bepaal dan die aantal VE-graadkrediete vir dieselfde jaar (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).	83.7%	83.8%	83.2%	83.4%	84.9%	85.9%	85.1%	86.7%	85.4%	85.3%	85.2%	85.1%	85.0%	85.0%	85.0%
3	% studente wat hul kwalifikasies in die minimum voorgeskrewe tydperk plus twee jaar behaal het	Vir voorgraadse kwalifikasies: Vir 'n spesifieke akademiese jaar [x], bepaal watter normale duur plus twee jaar [n+2] van die unieke kwalifikasietype normaleduur- [n] kombinasies (bv. vierjaar- professionele B-grade) van die (inskrywings) kohortjare in die spesifieke akademiese jaar verval [x]. Vir hierdie kwalifikasietype normaleduur-kombinasies, bepaal die aantal nuweling-eerstejaarstudente ingeskryf (A) en wat binne die normale duur plus twee jaar gegradeer het (B) vir die betrokke kohortjaar. Vir nagraadse kwalifikasies: Vir dieselfde akademiese jaar [x], bepaal watter normale duur plus twee jaar [n+2] van die unieke kwalifikasietype normaleduur- [n] kombinasies (bv.	66.8%	68.3%	69.8%	71.7%	72.3%	72.1%	73.9%	72.3%	75.0%	75.5%	76.0%	76.3%	76.5%	77.0%	77.0%

#	Aanwyser	Berekeningsmetode	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021	2022
		eenjaar-M-grade) van die (inskrywings) kohortjare in die spesifieke akademiese jaar verval [x]. Vir hierdie kwalifikasietype normaleduur-kombinasies, bepaal die aantal studente ingeskryf vir die betrokke kwalifikasietype vir die eerste keer (C) en dié wat binne normale duur plus twee jaar (D) gegradueer het vir die betrokke kohortjaar. Bereken dan die deurvloekoers deur die totaal van al die graduandi (B) en (D) van die kwalifikasietype normaleduur-kombinasies van die betrokke kohortjare deur die totaal van al die inskrywings (A) en (C) van die kwalifikasietype normaleduur-kombinasies van die betrokke kohortjare te deel.															
4	Samestelling van totale studenteliggaaam (% SBI)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal studente wat by die US op die amptelike sensusdatum ingeskryf is (A). Bepaal die totale aantal studente uit die SBI-bevolkingsgroepe wat op die amptelike sensusdatum by die US ingeskryf is (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).	31.4%	32.4%	32.9%	32.9%	33.1%	34.6%	36.6%	37.8%	38.7%	41.1%	42.7%	44.5%	45.8%	48.3%	46.8%
5	% voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NKR-vlak 8) aangebied in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepes⁴	Tel die krediete van die module aangebied in Afrikaans en Engels aan PARALLELLE klasgroepes bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van al die modules bymekaar, uitsluitende die NKR vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B).							16.6%	15.4%	17.5%	22.4%	22.9%	23.5%	24.0%	24.5%	25.0%

#	Aanwyser	Berekeningsmetode	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021	2022
		Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B) x 100.															
6	% voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NKR-vlak 8) aangebied in SOWEL Afrikaans as Engels in DIESELFDE klasgroep⁴	Tel die krediete van die modules aangebied in SOWEL Afrikaans as Engels in DIESELFDE klasgroep bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van al die modules bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B) x 100.							62.9%	69.5%	69.5%	65.0%	64.0%	63.0%	62.0%	61.0%	60.0%
7	% voorgraadse modulekrediete (uitgesluit NKR-vlak 8) aangebied in SLEGS Afrikaans of Engels aan 'n klasgroep⁴	Tel die krediete van die modules aangebied in SLEGS Afrikaans of Engels aan 'n klasgroep bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (A). Tel die krediete van al die modules bymekaar, uitsluitende NKR-vlak 8-modules en die Fakulteit Krygskunde-modules (B). Bereken dan die aanwyser as (A) gedeel deur (B) x 100.							20.4%	15.1%	13.0%	12.5%	13.0%	13.5%	14.0%	14.5%	15.0%
8	Samestelling van permanente personeel (% SBI)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum (A) in die Salaris MH-groep. Bepaal die totale aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) van die SBI-bevolkingsgroepe in die Salaris MH-groep	37.6%	38.4%	39.4%	40.0%	41.0%	43.0%	43.2%	43.8%	45.6%	47.6%	49.4%	51.2%	53.0%	54.0%	55.0%

#	Aanwyser	Berekeningsmetode	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021	2022
		op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).															
9	Samestelling van permanente personeel (% vroue)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal permanent aangestelde personeellede (slegs primêre aanstellings) op die amptelike sensusdatum (A) in die Salaris MH-groep p. Bepaal die totale aantal permanent aangestelde vrouepersoneellede (slegs primêre aanstellings) in die Salaris MH-groep op die amptelike sensusdatum (B). Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).	51.9%	52.1%	52.5%	53.5%	54.0%	54.9%	55.9%	56.0%	56.5%	57.6%	58.4%	59.2%	60.0%	60.0%	60.0%
10	% studente ingeskryf vir voorgraadse diplomas / sertifikate en nagraadse diplomas / sertifikate	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale aantal studente ingeskryf vir voorgraadse diplomas/sertifikate (A), nagraadse diplomas/sertifikate (B), asook die totale aantal studente (C) op die amptelike sensusdatum. Bereken die SBA as (A + B) gedeel deur C.	6.5%	7.6%	7.7%	7.1%	7.5%	7.3%	7.4%	6.7%	6.3%	7.8%	8.3%	8.9%	9.4%	10.0%	10.0%
11	Geweegde navorsingsuitsette per VE-C1-personeellid	Vir 'n gegewe akademiese jaar, bepaal die aantal meestersgrade toegeken (A), asook die aantal geakkrediteerde publikasie-eenhede geproduseer deur die US (B). Vir dieselfde akademiese jaar, bepaal die aantal doktorale kwalifikasies toegeken (C), asook die aantal VE-C1-personeellede (D). Bereken die SBA as [1x(A+B) + 3x(C)] gedeel deur D.	1.82	1.74	1.75	1.83	2.41	2.33	2.50	2.53	2.44	2.44	2.44	2.44	2.44	2.44	2.44
12	Aantal kennisgewings van lewensvatbare uitvindings per jaar⁵	Tel die aantal kennisgewings van lewensvatbare uitvindings gerapporteer deur Innovus vir 'n spesifieke jaar bymekaar.	36	62	37	61	25	33	39	58	50	50	50	50	50	50	50

#	Aanwyser	Berekeningsmetode	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020	2021	2022
13	Punte vir venootskappe in Afrika per VE-C1-personeellid (as persentasie uitgedruk)	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die aantal punte (A) verdien in ooreenstemming met die vlak van betrokkenheid, naamlik: Vlak 1: Toegewese Afrika-eenheid (meerderheid Afrika-vennootskappe) verdien 5 punte Vlak 2: Projek met nietoegewese eenheid verdien 3 punte Vlak 3: Personeellid is 'n lid van raad/bestuur van 'n Afrika- professionele vereniging, of betrokke by eksterne eksaminering, moderering of studieleiding, asook projekte in beplanningsfase, verdien 1 punt. Vir dieselfde jaar, bepaal die aantal VE-C1-personeellede (B). Bereken die SBA as (A) gedeel deur (B).	0.44	0.36	32.36	40.97	27.49	33.76	37.07	36.20	37.91	38.33	38.75	39.17	39.59	40.00	40.00
14	VE-studente geweeg met studievlek per VE-C1-personeellid	Vir 'n gegewe akademiese jaar, bepaal die aantal ingeskreve voorgraadse en VE-studente (A), die aantal ingeskreve honneurs en VE-studente (B), die aantal ingeskreve meestersgraad-VE-studente (C), en die aantal ingeskreve doktorale studente (D). Vir dieselfde jaar, bepaal die aantal VE-C1-personeellede (E). Bereken die SBA as $[1x(A) + 2x(B) + 3x(C) + 4x(D)]$ gedeel deur E.	25.44	25.31	25.53	25.39	25.85	24.57	25.44	26.16	24.71	24.53	24.35	24.18	24.00	24.00	24.00
15	% wat derdestroom-inkomste ¹ van US se totale inkomste vorm ²	Vir 'n gegewe jaar, bepaal die totale inkomste uit alle befondsingstrome (A). Bepaal dan die totale derdestroominkomste (B) vir die betrokke jaar. Bereken die SBA as (B) gedeel deur (A).	29.9%	27.6%	28.2%	28.0%	29.4%	27.7%	31.4%	26.4%	29.4%	30.1%	30.8%	31.6%	32.3%	32.3%	32.3%

Notas

- ¹ Derdestroominkomste uitsluitende opbrengste op beleggings en gerealiseerde wins uit die verkoop van bates.
- ² Totale inkomste uitsluitende opbrengste op beleggings en gerealiseerde wins uit die verkoop van bates.
- ³ Die US bestuur sy fondse om te verseker dat dit in hoër onderwys as 'n lopende saak bly. Fondse bestaan uit beperkte en onbeperkte fondse. Beperkte fondse bestaan uit bedryfs-, lenings-, skenker- en vastebate-fondse met spesifieke voorwaardes vir gebruik. Onbeperkte fondse is dié fondse wat die Raad na sy goeddunke gebruik. In die poel onbeperkte fondse is fondse wat vir spesifieke doeleindes geoormerk is en dus nie vir ander doeleindes as waarvoor dit geoormerk is, gebruik kan word nie. Die verskil tussen toekomstige beperkte en onbeperkte fondse kan moontlik 'n impak hê op die uitvoerbaarheid van die mikpunte wat vir 2017 tot 2022 gestel is.
- ⁴ SBA 5, 6 en 7 is nuwe aanwysers en vervang die vorige SBA 5 en 6.
- ⁵ SBA 12 is 'n nuwe aanwyser. Dit sal een van die elemente van die algehele **SBA: Innovasie** wees wat nog ontwikkel moet word. Lewensvatbare uitvindings is dié uitvindings wat die grootste waarskynlikheid het om lewens te verander (sosiale nut) wanneer dit geïmplementeer word en ekonomies sin sal maak, en selfs tot sosiale transformasie kan lei.

Kleurkode:

	Reële (historiese) waardes
	Projeksies
	Mikpunte nie bevestig nie (projeksie/voorstel/onbekend)
	Mikpunt bevestig deur RBS
	Aanwyser sal in die toekoms geformuleer word
	Aanwyser geskrap
	Aanwyser word tans verfyn

BYLAAG B: Verantwoordelikheid vir implementering deur fakulteite ter ondersteuning van die Institusionele Plan 2017 – 2022

Hoëvlak-belyning tussen die verantwoordelikheidssentra en die onderskeie fakulteite; slegs geselekteerde inisiatiewe deur fakulteite onderneem word aangetoon

AGRIWETENSKAPPE		
STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
Viserektor (Leer en Onderrig)		
Uitnemendheid in Leer en Onderrig	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker gehalte en lewingsdoeltreffendheid van akademiese programme • Bevorder akademiese personeel se L&O-vaardighede en gee aan hulle gepaste erkenning • Stel maatreëls in elke module in om te verseker dat studente goed voorbereid op kontaksessies is • Brei studenteleer in fakulteite uit na die lewende en ko-kurrikulêre omgewings 	<ul style="list-style-type: none"> • Voorgesette monitering van studentesukses, terugvoer en leeruitkomste. • Gereelde assessorings deur studente, eweknieë en belanghebbendes. • Sluit prestasieverwante vergoeding by L&O, personeelontwikkeling en bevorderingstelsels in. • Toegewese begroting om L&O te ondersteun: materiaal, fasilitate, toerusting en metodologie.
Studentetoegang met sukses	<ul style="list-style-type: none"> • Laat geskikte studente uit diverse sektore van die gemeenskap tot die US toe, en volg deur tot suksesvolle voltooiing van hul studies • Verskaf kostedoeltreffende studentesteen om module- en graduatingsukseskoerse te verbeter • Berei goed afgeronde studente voor om betrokke burgers in die samelewing te word (graduandi-eienskappe en ko-kurrikulêre ontwikkeling) 	<ul style="list-style-type: none"> • Interne werwingsplan gefokus op SBI-studente. • Implementering van hersiene toegangs- en hertoelatingsvereistes. • Beklemtoon insluiting van graduandi-eienskappe in programvernouwing en L&O-uitkomste. • Moniteer eerstejaarstudente; tutorprogram vir teikenmodules. • Fasiliteer wisselwerking tussen akademiese, lewende en ko-kurrikulum.
Groote en vorm	<ul style="list-style-type: none"> • Beheer groei in groot fakulteite deur hoér keuringskriteria • Verhoog stelselmatig getalle SBI-studente • Verkry die meeste van die groei in modus 2-aanbiedinge (nieresidensiële studente met blokbywoning-kontaksessies) 	<ul style="list-style-type: none"> • Sterk fokus op inskrywingsbestuurdoelstellings. • Verhoog VG studente met 15% en NG studente tot 35%. • Verbeter oorskakeling van VG na NG studies plus eksterne werwing. • Spesifieke fokus op SBI-werwing en -steun.
Programvernouwing	<ul style="list-style-type: none"> • Holistiese programvernouwing om relevansie vir toetreders tot werkmark te verseker 	<ul style="list-style-type: none"> • Geskeduleerde programhernuwing vir alle programme van 2017 tot 2022. • Fokus op graduandi-eienskappe as 'n primêre uitkoms.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> Verbeter kostedoeltreffendheid van programaanbiedinge Vereenvoudig programstrukture met minimale keusemodules in junior jare; skakel moduleduplikasies onder fakulteite uit Heroorweeg programme met 'n lae aantal inskrywings vir uitfasering 	<ul style="list-style-type: none"> Bevorder akademiese steudienste vir programvernuwing en IKT-strategie. Verminder modules, krediete en onderriglading.
Meertalige programmaanbod (om toeganklikheid te verhoog)	<ul style="list-style-type: none"> Verhoog leerfasilitering in Afrikaans en Engels Verskaf befondsing vir ekstra poste in fakulteite om parallelmedium-onderrig aan te bied waar prakties uitvoerbaar en pedagogies grondig Verskaf simultane tolking ingevolge US-taalbeleid 	<ul style="list-style-type: none"> Verskaf leerfasilitering en steun in Afrikaans en Engels waar prakties moontlik. Bied parallelmediumonderrig aan waar prakties uitvoerbaar en pedagogies grondig. Brei parallelmedium na Grondkunde 214 uit.
IKT vir L&O (verbeterde leer, onderrig en assessering)	<ul style="list-style-type: none"> Verhoog vermengde leer (kombineer persoonlike en IKT-gebaseerde onderrig) Brei IKT-gebaseerde formatiewe assessering deur studente vir hul eie leer uit, en summatiewe assessering van hoe goed studente geleer het Verbeter stelselmatig dosente se vaardigheid in IKT vir leerfasilitering 	<ul style="list-style-type: none"> Posisie geskep vir implementering/monitering van IKT-strategie: IKT-versterkte leer, onderrig en assessering. Verhoog vermengde leer (kombineer persoonlike en IKT-gebaseerde onderrig).
Nuwe kennismarkte (groter waarde-ontgiving)	<ul style="list-style-type: none"> Pas programme aan om ook leer-en-verdien-studente tegemoet te kom Verhoog aantal kortkursusse, sertifikate en diplomas Pas IKT toe om module-aanbiedinge na nieresidensiële studente uit te brei 	<ul style="list-style-type: none"> Skep sentrale punt vir ontwikkeling/administrasie van kortkursusse en sertifikaat- en diplomaprogramme. Bevorder implementering van nuwe/afstandsonderrigprodukte vir leer-en-verdien-markte: streek/nasionaal/Afrika. Vestig eksterne venootskappe in uitgebreide akademiese aanbod.
Finansiële steun aan studente	<ul style="list-style-type: none"> Verhoog totale getal staatsgefinsioneerde beurse en beurse wat privaat of deur maatskappye geskenk is Hersien beurs- en leningstrategie in konteks van die veranderende hoëronderwys-landskap Verskaf fakulteitsgebaseerde aanvullingsbeurse vir verdienstelike studente om volle koste by universiteit te dek Bevorder tredhou en steun vir US se eie beurshouers 	<ul style="list-style-type: none"> Fokus op werwing van studente wat vir werwings-/staatsbeurse kwalifiseer. Skep omgewing-/bedryfspesifieke beursskemas.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie en Personeel)		
Vestiging van omvattende landelike platforms	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf institutionele definisie van 'landelike platforms' • Vestig platforms in 2 ander landelike distrikte in die Wes-Kaap • Optimale gebruik van landelike platforms om leer en onderrig, navorsing en innovasie, sosiale impak en transformasie te bevorder 	Geen spesifieke aksies in hierdie geval nie.
Bevordering van vakkundigheid in sosiale impak en betrokkenheid	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf steun en struktuur aan samewerking tussen personeel, studente en verskeie sosiale sfere • Bevorder transdissiplinêre samewerking om sosiale impak te verhoog, asook integrasie van sosiale impak met navorsing, leer en onderrig • Ontwikkel teoretiese raamwerke vir sosiale impak • Verskaf kapasiteitsbou-aanbiedinge rakende samewerkende navorsingsmetodologieë • Fasiliteer vakkundige publikasies op die gebied van sosiale impak • Ontwikkel assessoringskriteria vir sosiale impak • Ontwikkel prestasie-aanwysers vir sosiale impak 	<ul style="list-style-type: none"> • Hernude fokus of wisselwerking met bedryfsvennote. • Ontwikkeling van Welgevallen-hub om tegnologie-oordrag en bedryfs-/strategiese verhoudings te bevorder. • Werkswinkels/dialoog rakende hernude fokus op uitkomsgebaseerde navorsing. • Stel spesifieke transdissiplinêre inisiatiewe bekend: volhoubare landbou, voedselsekerheid, groen landskappe. • Bevorder leierskapsontwikkeling onder personeel, en hul betrokkenheid by openbare/bedryfsinstellings en -aktiwiteit. • Fasiliteer studentedeelname aan dialoog/debat via ASA, bv. finalejaarstudente kan uitgenooi word om aan aktuele landbou-/gemeenskapsverwante sake deel te neem (opstel/debatkompetisie).
Verbreding van toegang en skepping van ontwikkelingsgeleenthede	<ul style="list-style-type: none"> • Koördineer en bevorder die impak van universiteitsomgewings op skole • Verhoog gemeenskapsdeelname in die US, bv. toegang tot US-hulpbronne en -fasilitete vir eksterne partye • Bevorder 'wetenskap en die samelewing'-epistemologie en pedagogie deur gesikte programme en inisiatiewe 	<ul style="list-style-type: none"> • Tree as gasheer op vir skoolgroepe/voornemende studente tydens opedae/somer- of winterskole. • Tree as gasheer op en neem deel aan verskeie werkswinkels, seminare, kongresse met oop/openbare deelname deur belangsgroepes. • Bied verskeie dienste aan wat ontleding/advies/konsultasie behels aan openbare en bedryfsbelangsgroepes.
Kapasiteitsbou vir ervaringsleer en steun om die 'graduandi-eienskappe'-program uit te bou	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf kapasiteitsbougeleenthede rakende 'n ervaringsleer- en -onderrigbenadering 	<ul style="list-style-type: none"> • Brei internskapprogramme uit as deel van die akademiese kurrikulum, waar prakties moontlik. • Insluiting van / fokus op graduandi-eienskappe as integrale deel van programvernuwingstrategie.
Bestuur van gespesifiseerde kategorieë van vennootskappe	<ul style="list-style-type: none"> • Handhaaf MvO's deur gereelde kontak en hoëvlakvergaderings 	<ul style="list-style-type: none"> • Strategiese fokus op uitkomsgebaseerde navorsing, in vennootskap met bedryfsvennote.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> Identifiseer geleenthede vir navorsing en internskappe Verken, bevorder en faciliteer die ontwikkeling van kennisvennootskappe vir sosiale impak onder universiteitsomgewings, en tussen die universiteit en eksterne omgewings 	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkeling van Welgevallen-tegnologie-hub in vennootskap met bedryfsvennote, met die klem op plantproduserende sektore. Skepping van gefokusde navorsingsleerstoele in geïdentifiseerde omgewings (gebiede, departemente).
Bevorder profiel en sosiale volhoubaarheid van personeel	<ul style="list-style-type: none"> Vestig 'n praktyk van geïntegreerde werkmagbeplanning Bevorder diversifikasie van personeel ten opsigte van aanwysers soos etnisiteit en geslag Ontwikkel transformasievaardigheid van personeel Bevorder sosiale volhoubaarheid met verwysing na personeelwelsyn, personeelkundigheid, werksomstandighede, werkladings, vergoeding, voordele, versoenbaarheid tussen personeel en universiteitswaardes en -doelwitte, ens. Verhoog op 'n stelselmatige en goed beredeneerde manier die persentasie van die totale begroting toegewys aan personeel 	<ul style="list-style-type: none"> Stel spesifieke doelwitte rakende bemarking en kommunikasie op fakulteitsvlak. Profileer personeel in fakulteitsnuusbrief. Verhoog deelname aan sosiale media.
Versnel die proses van institusionele sistemiese transformasie	<ul style="list-style-type: none"> Vestig institusionele, fakulteits- en PASD-transformasiestrukture Stel 'n konsepweergawe van 'n transformasie-implementeringsplan op Ontwikkel assessoringskriteria vir transformasie Ontwikkel prestasie-aanwysers vir transformasie Koördineer en versterk transformasie-inisiatiewe Versterk, bevorder en koördineer navorsing oor transformasie Ontwikkel teoretiese raamwerke vir transformasie Ontwikkel programme, praktyke en vennootskappe vir vernuwing van die institusionele kultuur van die universiteit 	<ul style="list-style-type: none"> Implementering van die Fakulteit se transformasieplan en -strategie.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
Viserekotor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)		
Jong akademiese sterre	<ul style="list-style-type: none"> • Voortgesette klem moet geplaas word op die aanstelling van jong akademici uit alle bevolkingsgroepes in SA, insluitende proaktiewe werwing en aanstelling van talentvolle diversiteitspersoneel uit ons nadoktorale genootskapsprogram deur vakante posisies te gebruik soos en wanneer dit voorkom • Finansiële en ander steun aan jong akademiese sterre om navorsingsuitset te handhaaf deur gebruik van Claude Leon- en NNS-befondsing. Dit sal help met die behoud en ontwikkeling van jong akademiese talent • Verhoog die aantal akademiese personeel met 'n PhD tot 70% teen 2021 • Ontwikkeling van 'n behoudstrategie om te verseker ons behou jong akademiese talent • Uitbreiding van die bestaande mentorskaprogram deur betrekking van emeritusprofessors om as mentors op te tree • Meer gefokusde mentorskaprogram wat fokus op die 67 swart vroue-akademici om te verseker dat hulle binne die volgende vyf jaar NNS-beoordeel sal wees • Voortgesette uitbreiding van die nadoktorale genootskapsprogram tot 350 genote teen 2018 • Verhoog die aantal NNS-beoordeelde akademici en spesifiek dié van die 67 swart vroue-akademici • Deelname aan die DHOO se nuwegerasie- akademiese (nGAP) program soos en wanneer versoek gerig word • Deelname aan die "Mellon Early Research Career"- (MERC-)program 	<ul style="list-style-type: none"> • Aktiewe deelname aan die NNS/nGap-program (drie aanstellings). • Ondersteuning van junior/erfenis-aanstellings. • Aktiewe mentorskap ten opsigte van alle aanstellings op junior dosent-/dosent-posvlakte. • Erkenning/steun rakende NNS-beoordeling.
Bevordering van navorsingsuitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Bevordering van die hoeveelheid en gehalte van navorsingsuitsette 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevorder idee van uitkomsgebaseerde navorsing, waardeproposisie/impak van navorsing, insluitende samewerking met CREST. • Ontwikkel tegnologie-oordragnetwerk/-stelsels (Welgevallen-hub, ens.).

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> • Verhoog die aantal artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte tot 80% • Implementering van die nuwe nadoktorale genootskapbeleid om die navorsingsuitset van die universiteit te verhoog • Moedig publikasies uit meestersgraad- en PhD-studies aan • Bied aansporings aan emeritusprofessors om te publiseer • Skepping van 'n organisasieklimaat gemik op navorsingsontwikkeling en bevordering van sosiale impak deur navorsing • Volgehoue belegging in toerusting en infrastruktur om navorsers te ondersteun • Voorsetting van die Viserektor se Toekennings vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies 	<ul style="list-style-type: none"> • Implementeer die US/ARC-vennootskapooreenkoms – identifiseer verdere kandidate/fasilitete vir wisselwerking. • Formaliseer/prioritiseer bestaande netwerkvormingsgeleenthede. • Identifiseer nuwe netwerkvormingsgeleenthede in bestaande institusionele ooreenkomste (nasional/internasional).
Uitbreiding van navorsing-innovasie	<ul style="list-style-type: none"> • Skep 'n kultuur van navorsing-innovasie onder personeel en studente, sowel voorgraads as nagraads • Strategiese belyning met die Tegnologie-innovasie-agentskap (TIA) • Samewerking met Innovus en die LaunchLab as strategiese vennote 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevorder suksesvolle voorbeelde van innoverende navorsingsinisiatiwe/uitkomste. • Bevorder 'n kultuur van innovasie deur die Fakulteit heen. • Skakeling met Innovus rakende die vestiging van 'n 'Food System LaunchLab'. • Vestig 'n Innovasie-hub by die Departement Wingerd- en Wynkunde.
Navorsingsfokus	<ul style="list-style-type: none"> • Die vestiging van 'n beperkte aantal navorsingsentiteite wat sal fokus op die ontwikkeling en implementering van die nasionale ontwikkelingsplan en bereiking van die Globale Volhoubaarheidsdoelwitte • Vestiging van die US/NNS-vlagskipprogram getiteld "Komplekse sisteme in oorgang" (Fakulteit Natuurwetenskappe en Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) wat in Augustus 2016 toegeken is • Stigting van 'n nano-geneeskunde-navorsingsentrum (Fakulteit Natuurwetenskappe) • Stigting van 'n Fraunhofer-navorsingsentrum in Water (Fakulteit Natuurwetenskappe) 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevorder volhoubare landbou-inisiatiwe (SvU, MSc, ander). • Implementeer meestersgraadprogram in Voedsel-/Voedingsekuriteit. • Brei samewerking met die Waterinstituut en Hernubare Energie-sentrum uit. • Bevorder die Fakulteitstrategie vir mededingende transdissiplinêre toelaagaansoeke.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> • Ondersteun die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISEM) • Voortgesette deelname aan die NNS SARChI-navorsingsleerstoelprogram, soos en wanneer versoekie gerig word • Voortgesette deelname aan die DWT Sentra van Uitnemendheid-program soos en wanneer versoekie gerig word • Brei die gesubsidieerde navorsingsleerstoelprogram uit (bedryf-, privaatsektorfinansiering) 	
Generering van ekstra inkomste deur navorsing en vooruitgang	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker dat die US finansieel volhoubaar sal bly deur die ontvangste uit die derdestroominkomste te diversifieer • Verhoog die navorsingsinkomste van internasionale bronne (bv. Horizon 20:20, NIH, vennootskap met Fraunhofer, ens.) • Gaan voort om eksterne befondingsgeleenthede met die Mediese Navorsingsraad, WNNR, Landbounavorsingsraad en ander statutêre liggeme aan te moedig • Handhawing en uitbreiding van vennootskappe met bedryfs- en internasionale instellings • Verhoog die indirekte kosteverhaling van 17% tot 25% waar moontlik • Onderhandel oor indirekte kosteverhaling met instellings wat tans 0% betaal 	<ul style="list-style-type: none"> • Assesseer die ontwikkeling van dienssentra in vennootskap met SAF/bedryf, met 'n verwante navorsings-/akademiese voetspoor. • Ontwikkel navorsingskonsepte met IP-komponent.
Nagraadse studentesukses	<ul style="list-style-type: none"> • Werwingsprosedures moet verseker dat die heel beste studente uit alle bevolkingsgroepe in SA die US as die voorkeuruniversiteit sal kies • Bestuur die aantal voltydse honneurs-, MSc- en PhD-studente teen optimale verhoudings per fakulteit • Fokus op die nagraadse pyplyn met die klem op tydige voltooiingskloers van meestersgraad- (2 jaar) en doktorale (3 jaar) studente • Verhoog die behoud- en voltooiingskloers van PhD-graduandi van 65% tot 80% teen 2018 	<ul style="list-style-type: none"> • Verhoog deeltydse nagraadse studente wat by ander instellings in diens is. • Monitor nagraadse studente, insette/studieleiding en deurvloeikoerse, skakel met prestasiemeting en bedryfsbegrotings. • Ontwikkel nagraadse beursskemas in vennootskap met belangsgroepe. • Verhoog hefboomfinansiering van nadoktorale genote. • Slaan munt uit bestaande institusionele ooreenkomste met Europese (KU Leuven, Gent, Wageningen, Leipzig, ens.) en ander universiteite.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> Hersien die gebruik van US-merietebeurse asook US-beurse vir nagraadse studies om uitnemendheid, behoud en voltooiing van nagraadse studies aan te moedig 	
Viserekotor (Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering)		
Aangesien dit 'n nuwe portefeuilje is, sal 2017 gebruik word om die portefeuilje te vestig. Aangesien daar twee areas in die portefeuilje is, sal aandag aan albei gegee word.		
Internasionalisering		
Strategiese plan vir internasionalisering	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkel 'n strategiese plan vir internasionalisering Inlynstelling van internasionale funksie oor die universiteit heen 	<ul style="list-style-type: none"> Bou en versterk internasionale netwerke en samewerking ten opsigte van senior akademici, prominente navorsingsgroepe en instellings. Fokus op aanvullende asook transdissiplinêre samewerking.
Netwerke, vennootskappe, samewerking	<ul style="list-style-type: none"> Handhaaf 'n databasis vir alle netwerke, vennootskappe, en samewerkingsooreenkoms Begin met 'n oefening om die waarde van bestaande vennootskappe, netwerke en alliansies te evalueer Identifiseer, bou en koester voorkeur-Afrika- en internasionale vennootskappe 	<ul style="list-style-type: none"> Stel 'n breinkaart/databasis saam van plaaslike en internasionale netwerke en samewerking. Identifiseer sleutelnetwerke en vennootskappe wat gestig en versterk kan word.
Ontwikkel 'n Afrika-voetspoor	<ul style="list-style-type: none"> Voer 'n ontleding uit om beste praktyke te bepaal om 'n voetspoor in Afrika te ontwikkel ('lessenaar') Koester Afrika-netwerke om blywende vennootskappe te ontwikkel Gebruik bestaande programme, soos ADA, om die Afrika-uitreik te versterk 	<ul style="list-style-type: none"> Identifiseer sleutelfokusareas vir betrokkenheid by Afrika. Bou spesifieke netwerke in lyn met fokusareas. Slaan munt uit die RUFORUM- institusionele netwerk en strategiese raamwerk. Brei samewerking met die Afrika Doktorale Akademie uit (nuwe sentrum).

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
Verhoog internasionale studente- en personeelgetalle	<ul style="list-style-type: none"> • Lok en verhoog aantal aangestelde internasionalen gevierrede wetenskaplikes • Verhoog aantal inskrywings van voorgraadse studente vir internasionale studieprogramme • Wees 'n magneet vir internasionale nagraadse studente • Stel meer internasionale nadoktorale studente met 'n uitstekende studierekord aan • Erkenning van studiekrediete in die Afrika-konteks 	<ul style="list-style-type: none"> • Fasiliteer doeltreffende integrasie van nuut aangestelde internasionale personeel. • Bevorder deelname deur nagraadse studente (internskappe, kort besoek, studie en nadoktorale studie). • Bevordering en uitbreiding van kredietoordrag-ooreenkoms en verdeeldegraad-opsies.
Veranker internasionale lens in leer, onderrig, navorsing en sosiale impak	<ul style="list-style-type: none"> • Brei inisiatiewe rakende die sogenaamde internasionalisering huis uit, bv. die nuwe BCom Internasionale Besigheid met Taalstudie • Ontwikkel nuwe kortkursusse om studente as globale burgers en globale leiers voor te berei (in samewerking met eenhede/sentra waar toepaslik) 	<ul style="list-style-type: none"> • Sluit 'n internasionale lens in ten opsigte van programvernuwing, studente-eienskappe, leeruitkomste. • Bevorder studiegeleenthede vir internasionale studente: Wingerd- en Wynkunde, Bos- en Houtkunde, Bewaringsekologie, ens. • Bevorder kortkursus- en e-leergeleenthede na streeks-, kontinentale en internasionale mark.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
STRATEGIESE INISIATIEWE		
Strategiese Voorneme 2019–2023	<ul style="list-style-type: none"> Evaluering van die huidige Strategiese Voorneme om uitkomste bereik te bepaal Ontwikkeling van 'n Strategiese Voorneme 2019–2023 	<ul style="list-style-type: none"> Asseseer strategiese prestasies oor afgelope 5 jaar. Formuleer nuwe strategiese doelstellings op Fakulteits-, departementeel en navorsingsentiteit-vlak.
Eeufees-projek	<ul style="list-style-type: none"> Koördineer projek vir eeufeesvieringe 2018 	<ul style="list-style-type: none"> Karteer duidelike doelstellings en aksies vir die eeufeesvieringe. Lê geskiedenis vas, deel toekomsfokus, betrek studente, personeel en belanghebbendes.
Uitvoerende Bedryfshoof		
Sakeprosesse en fondsinsameling vir finansiële volhoubaarheid	<ul style="list-style-type: none"> Voortgesette hersiening van die begrotingsmodel en -prosesse Hersien die volkoste-strategie om inkomste op grond van die korrekte prysbepalingstrategie te optimaliseer Verfyn die omvattende kapitaalplan 	<ul style="list-style-type: none"> Fokus op en verhoog derdestroominkomste en vennootskappe. Gebruik derdestroominkomste as hefboom om eerste- en tweedestroomfondse te mobiliseer en studentegetalle en navorsingsuitsette te verhoog. Pas volkoste-begrotingsbeginsels toe en bevorder kundigheid en akkuraatheid rakende projekbegrotings. Bevorder doeltreffendheid van sekere omgewings. Implementeer 'n hersiene bestuursmodel vir eksperimentele phasen om doeltreffendheid te verbeter en potensiaal te ontsluit. Identifiseer hoë-impakstaking/-afskaling van aktiwiteite.
Geregtigheid en gelyke geleenthede	<ul style="list-style-type: none"> Verskaffing en uitbreiding van vervoerdienste aan personeel en studente wat nie in Stellenbosch woon nie, op 'n gebruikersbetaalgrondslag Verskaf 600 bykomende beddens in studentekoshuise 	<ul style="list-style-type: none"> Fokus op diversiteitsprofiel en geleenthede (studente, jong navorsers, aanstellings, groei). Skep geleenthede vir, en bied steun aan, vrouepersoneel.
Mobiliteitsplan	<ul style="list-style-type: none"> Verskaf vervoerdienste aan personeel en studente (verwys na strategiese doelstelling vir geregtigheid en gelyke geleenthede) 	<ul style="list-style-type: none"> Bevorder gebruik van kampusvervoer onder personeel: Kampus-Welgevallen. Departemente word uitgedagaag om een IP-verwante projekvoorlegging/-konsep te ontwikkel.
Kommersialisering van intellektuele eiendom en sakegeleenthede	<ul style="list-style-type: none"> Patentering, lisensiëring en stigting van afwentelmaatskappye Uitbreiding (doelstellings en fasilitate) van sake-inkubator (LaunchLab) vir entrepreneuriale steun en ontwikkeling 	<ul style="list-style-type: none"> Oorweeg landbougebaseerde entrepreneurskaprojek in samewerking met Innovus-inisiatiewe: Food Systems LaunchLab. Ontwikkel kortkursusse vir bedryfsbelanggroepes. Ontwikkel Welgevallen-tegnologie-hub en breër tegnologie-oordragstrategie.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> • Vestig 'n tegnologie-oordragstrategie vir konsultasiedienste • Administrasie, registrasie, beheer en gehalteversekering vir kortkursusse • Stig 'n Matie Innovasiefonds • Stig 'n Konsultasiekantoor om tegnologie-oordrag te faciliteer 	<ul style="list-style-type: none"> • Vestig eksterne vennootskappe met bedryfsbelanghebbendes om sakegeleenthede verbonde aan navorsingsuitsette, nuwe kennismarkte en innovasie te ontsluit.
Omgewingsvolhoubaarheid	<ul style="list-style-type: none"> • Energiebesparing • Waterbesparing • Afvalbestuur • Laer koolstofvoetspoor 	<ul style="list-style-type: none"> • Elektrisiteitsbesparingstelsels: geboue. • Afvalbestuurstelsel vir Welgevallen Eksperimentele Plaas: bio-afval, kompos. • Help Maties Sport met verbetering van besproeiingstelsels en doeltreffende watergebruik.
Geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening	<ul style="list-style-type: none"> • Voer die IP uit • Verbeter die geïntegreerde verslagdoeningsmetodologie (2015-jaarverslag sal die US se eerste volledig geïntegreerde verslag wees) • Voer die KVP uit; volgens opdrag, binne begroting en binne tydsraamwerk 	<ul style="list-style-type: none"> • Inisieer strategiese beplanning van departemente/belyning met Fakulteit /institusionele doelstellings. • Verbeter die gebruik van bestuursaanwysers en inligting met betrekking tot strategiese fokusareas, volhoubaarheid en groeipotensiaal. • Bevorder die gebruik van die Matie-pendeldiens onder personeel/studente as kampusvervoer, bv. na/van Welgevallen/Voedselwetenskap.
Maties Sport: Brei die akademiese voetspoor uit en ondersoek 'n gedifferensieerde akademiese aanbod	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Verhoging in kommunikeerbare navorsinguitsette in vennootskap met 'n verskeidenheid akademiese fakulteite/departemente • 'n Vennoot in die verwesenliking van die Instituut vir Sport-, Oefening- en Leefstylgeneeskunde (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) en sy Coetzenburg-voetspoor • Die inspuiting van tegnologie en innoverende praktyke in Maties Sport en al sy bedrywighede • Erkenning van die US as 'n voorkeurbestemming vir sportbestuur-/sportleierskaperonderwys in Afrika 	<ul style="list-style-type: none"> • Bied steun aan Maties Sport deur studentetoegang en -sukses. • Werk saam met Maties Sport en Fasiliteitsbestuur met betrekking tot die Fisiese Meesterplan-proses vir die gebied suid van die Eersterivier.
Maties Sport: Verhoog die persentasie mededingende atlete wat akademiese sukses behaal	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Dinamiese studentatleet-steunprogram wat voorsien in die akademiese en lewensvaardighede-behoeftes van studentatlete sedert toegang tot graduering van die universiteit 	<ul style="list-style-type: none"> • Hersien die werwingstrategieë wat beplan word, per sportkode, om die beste passing met die onderskeie fakulteite te verkry.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (AgriWetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> • 'n Sorgvuldig gekoördineerde werwings- en behoudprogram wat die beste studentatlete in SA lok wat erkende akademiese en sporttalent het 	
Kampusvernuwingsprojek vir implementering: 2016–2023	<ul style="list-style-type: none"> • Vorige Fisiese Fasilitate-meesterplan herontwerp en herdefinieer as Kampusvernuwingsplan vir opgradering van ou fasilitete en om in te haal op agterstallige instandhouding 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevorder die hervestiging van AgriWetenskappe na Welgevallen om die fasilitetvoetspoor te verlaag en groeigeleenthede op die hoofkampus te bied. • Prioritiseer in die konteks van KVP om standaarde te handhaaf en doeltreffendheid te verbeter.

Letter en Sosiale Wetenskappe ...

LETTERE EN SOSIALE WETENSKAPPE		
STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Viserektor (Leer en Onderrig)		
Uitnemendheid in Leer & Onderrig	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker gehalte en leweringsdoeltreffendheid van akademiese programme • Bevorder akademiese personeel se L&O-vaardighede en gee aan hulle gepaste erkenning • Stel studentegesentreerde leer in om optimale gebruik van hoofkontaksessies te verseker • Brei studenteleer in fakulteite uit na die lewende en ko-kurrikulêre omgewings 	<ul style="list-style-type: none"> • Herassesseer die Fakulteit se hele programmaanbod in 2017, en verwerk resultate in 2017 met die oog op omvattende programvernuwing. • Handhaaf en bevorder aktiwiteite van gevestigde L&O-hub. • Implementeer beleid oor onderrigportefeuilles, insluitende opleiding. • Implementeer beleid oor L&O-toekennings. • Moedig professionele ontwikkeling in L&O-geleenthede aan. • Identifiseer en hanteer struikelmodules.
Studentetoegang met sukses	<ul style="list-style-type: none"> • Hersien toegangsvereistes vir hoofstroom en VGP om gehaltetoegang en hoër sukses te verseker • Ontwikkel volhoubare finansiële model om module- en gradueringsukseskoerse met tutoriale en tutorbystand te verbeter 	<ul style="list-style-type: none"> • Integreer VGP akademiese lees- en skryfvaardighede met hoofstroomaanbod. • Integreer graduandi-eienskappe met module-uitkomste. • Identifiseer en mentor voorgraadse SBI-studente om nagraadse pyplyn te versterk.
Grootte en vorm	<ul style="list-style-type: none"> • Verhoog stelselmatig getalle SBI-studente inlyn met US-mikpunt, maar verseker genoegsame akademiese steun • Stabiliseer voorgraadse groei, verhoog nagraadse groei • Stel teiken vir groei in nuwe kennismarkte 	<ul style="list-style-type: none"> • Fakulteit sal sy inname van nuwelingearstejaarstudente op 850 in 2016 handhaaf, met opsie om te hersien tydens volgende DHOO-mikpunthersiensningsiklus. • Verhoog SBI-getalle inlyn met US-mikpunte. • Stel teiken vir nagraadse groei as 35% van totale studente. • Verseker akademiese steun om sukses vir SBI-voorgaatse inname te verseker.
Programvernuwing	<ul style="list-style-type: none"> • Voltooi programvernuwing, konsolidering en rasionalisering van totale aanbod • Verbeter kostedoeltreffendheid deur ad hoc-koste te verminder • Verminder keusevakke en duplisering • Faseer programme met lae getalle uit 	<ul style="list-style-type: none"> • Eerste poging tot modulekonsolidasie en -rasionalisasie is aangevoor. • Omvattende programvernuwing en konsolidering begin in 2017. • Data-insameling om per-module-uitgawes en per-module-insette te bepaal, het in 2016 begin. • Oorweeg alternatiewe leweringsmodusse. • Oorweeg nuwe kennismarkte.
Meertalige programmaanbod (om toeganklikheid te verhoog)	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf leerfasilitering in Afrikaans en Engels, en waar moontlik in Xhosa 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevorder meertaligheid as graduandi-eienskap in die Fakulteit se onderrig.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> Ondersoek opsies vir PMO (saam met programvernuwing en roosterveranderinge) Bied simultane tolking ingevolge die US-taalbeleid, waar nodig en uitvoerbaar 	<ul style="list-style-type: none"> Implementeer meertalige leer en onderrig sonder uitsluiting in alle voorgraadse klasse (alle klasse ten minste in Engels beskikbaar, met ondersteuning in Afrikaans, en waar versoek, in Xhosa). Benut tutoriale om die voetspoor in Afrikaans en Xhosa te vergroot.
IKT vir L&O (gevorderde leer, onderrig en assessering)	<ul style="list-style-type: none"> Gaan voort met bekendstelling van vermengde leer (kombineer persoonlike en IKT-gebaseerde onderrig) Brei IKT-gebaseerde formatiewe assessering deur studente vir hul eie leer uit, en summatiewe assessering van hoe goed studente geleer het Gaan voort met verbetering van dosente se vaardigheid in IKT vir leerfasilitering 	<ul style="list-style-type: none"> Werkswinkels oor vermengdeleer-modulevernuwing vir alle departemente in 2017. Assessering van bekendstellingsinisiatief in 2018. Leer-en-Onderrig-hub gaan voort met steun en verspreiding.
Nuwe kennismarkte (groter waardeontgiving)	<ul style="list-style-type: none"> Navorsingspotensiaal vir verskillende modusse van lewering en verskillende markte ("leer-en-verdien") Gaan woord om kortkursusse te ontwikkel en te bemark 	
Finansiële steun aan studente	<ul style="list-style-type: none"> Benut staatsgefinsioneerde beurse en US-werwingsbeurse optimaal 	<ul style="list-style-type: none"> Benut die voltydse beursskema van die NIHSS vir PhD-studente optimaal. Benut die Nagraadse Skool-beurse vir doktorale kandidate optimaal.
Viserekotor (Sosiale impak, Transformasie en Personeel)		
Vestiging van omvattende landelike platforms	<ul style="list-style-type: none"> Verskaf institutionele definisie van 'landelike platforms' Vestig platforms in 2 ander landelike distrikte in die Wes-Kaap Optimale gebruik van landelike platforms om leer en onderrig, navorsing en innovasie, sosiale impak en transformasie te bevorder 	<ul style="list-style-type: none"> Benut GI-projekte in Railton, Swellendam, om die vooruitsig van vestiging van 'n landelike platform in die Swellendam-distrik te skep.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Bevordering van vakkundigheid in sosiale impak en betrokkenheid	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf steun en struktuur aan samewerking tussen personeel, studente en verskeie sosiale sfere • Bevorder transdissiplinêre samewerking om sosiale impak te verhoog, asook integrasie van sosiale impak met navorsing, leer en onderrig • Ontwikkel teoretiese raamwerke vir sosiale impak • Verskaf kapasiteitsbou-aanbiedinge rakende samewerkende navorsingsmetodologieë • Fasiliteer vakkundige publikasies op die gebied van sosiale impak • Ontwikkel assessoringskriteria vir sosiale impak • Ontwikkel prestasie-aanwysers vir sosiale impak 	<ul style="list-style-type: none"> • Sewe departement in die Fakulteit het reeds diensleer (integrasie van onderrig en GI) as slaagvereiste in sekere modules ingesluit. • Vestig nagraadse transdissiplinêre programme in Gesondheid en Ontwikkeling (vereis spesifiek die integrasie van onderrig, navorsing en GI). • Verskeie dosente publiseer reeds vaktydskrifartikels oor hul GI-projekte. • Die Fakulteit se Gemeenskapsinteraksiekomitee het in Januarie 2016 met 'n projek begin om assessoringskriteria vir sosiale impak te ontwikkel, om prestasie-aanwysers vir sosiale impak te ontwikkel, en om strategieë te ontwikkel om erkenning te gee aan gemeenskapsinteraksie en sosiale impak.
Verbreding van toegang en skepping van ontwikkelingsgeleenthede	<ul style="list-style-type: none"> • Koördineer en bevorder die impak van universiteitsomgewings op skole • Verhoog gemeenskapsdeelname in die US, bv. toegang tot US-hulpbronne en -fasiliteite vir eksterne partye • Bevorder 'wetenskap en die samelewing'-epistemologie en pedagogie deur gesikte programme en inisiatiewe 	<ul style="list-style-type: none"> • Bevorder 'n verskeidenheid skoolprojekte in die Fakulteit. • In die raamwerk van die Sosiale Wetenskappe vir Ontwikkeling-kongres (tweejaarliks deur PhD-studente aangebied), fokus die Nuwe Stemme in die Sosiale Wetenskappe-projek spesifiek op die kommunikasie van wetenskap aan die samelewing. • Het 'n navorsingsleerstoel in Wetenskapkommunikasie in CREST gestig. • Het 'n Sentrum vir Massawetenskapkommunikasie in die Departement Joernalistiek gestig.
Kapasiteitsbou vir ervaringsleer en steun om die 'graduandi-eienskappe'-program uit te bou	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf kapasiteitsbou-aanbiedinge rakende 'n ervaringsleer- en -onderrigbenadering 	<ul style="list-style-type: none"> • Ondersteun inisiatiewe in hierdie opsig deur onderrigontwikkelingsfondse strategies te benut.
Bestuur van gespesifieerde kategorieë van vennootskappe	<ul style="list-style-type: none"> • Handhaaf MvO's deur gereelde kontak en hoëvlakvergaderings • Identifiseer geleenthede vir navorsing en internskappe Verken, bevorder en fasiliteer die ontwikkeling van kennisvennotskappe vir sosiale impak onder universiteitsomgewings, en tussen die universiteit en eksterne omgewings 	<ul style="list-style-type: none"> • Dekaan en visedekaan gaan voort om die aanvoring van nuwe kennisvennotskappe te ondersoek en te bevorder (wat deur nuwe hoofstroomprogramme, kortkursusse, sertifikaatkursusse en nagraadse diplomas gevestig kan word – soos op die gebiede van ramp- en risikobestuur, China-geletterdheid, die taalwetenskap van gebaretaal). • Werk saam met die Mellon-stigting aan 'n gemeenskapsgebaseerde projek om poësie te bevorder wat skeidings tussen mense afbreek.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Bevorder profiel en sosiale volhoubaarheid van personeel	<ul style="list-style-type: none"> • Vestig 'n praktyk van geïntegreerde werkmagbeplanning • Bevorder diversifikasie van personeel ten opsigte van aanwysers soos etnisiteit en geslag • Ontwikkel transformasievaardigheid van personeel • Bevorder sosiale volhoubaarheid met verwysing na personeelwelsyn, personeelkundigheid, werksomstandighede, werkladings, vergoeding, voordele, versoenbaarheid tussen personeel en universiteitswaardes en -doelwitte, ens. • Verhoog op 'n stelselmatige en goed beredeneerde manier die persentasie van die totale begroting toegewys aan personeel 	<ul style="list-style-type: none"> • Die Fakulteit het 'n Diensbillikhedsplan wat die US se beleid en implementeringsplan vir diensbillikhed implementeer. • Die Fakulteit het 'n toelaag van die Mellon-stigting ontvang ten bedrae van R5,3m om 'n inklusiewe professoraat te bevorder. Dit behels steun aan medeprofessors en senior dosente van aangewese groepe wat hulle in staat sal stel om binne drie jaar na professors bevorder te word. • 'n Soortgelyke toelaag sal van die Mellon-stigting versoek word om dosente uit aangewese groepe te help om tot senior dosente bevorder te word. • Aangewese Fakulteitsfondse word beskikbaar gestel om personeel uit aangewese groepe te help om hul meesters- en doktorsgrade te voltooi.
Versnel die proses van institusionele sistemiese transformasie	<ul style="list-style-type: none"> • Vestig institusionele, fakulteits- en PASD-transformasiestrukture • Stel 'n konsepweergawe van 'n transformasie-implementeringsplan op • Ontwikkel assessoringskriteria vir transformasie • Ontwikkel prestasie-aanwysers vir transformasie • Koördineer en versterk transformasie-initiatiewe • Versterk, bevorder en koördineer navorsing oor transformasie • Ontwikkel teoretiese raamwerke vir transformasie • Ontwikkel programme, praktyke en vennootskappe vir vernuwing van die institusionele kultuur van die universiteit 	<ul style="list-style-type: none"> • Die tema van transformasie is in die Fakulteit se omgewingsplan vir 2017–2022 geïntegreer. • 'n Oudit sal in die Fakulteit uitgevoer word om te bepaal watter modules eksplisiet in teorie en praktyk op temas verbonden aan transformasie fokus. Die Fakulteit het 'n geskiedenisprojek waarin departemente krities kyk na die modusse van kennisproduksie en verspreiding wat in hul departemente met verloop van tyd beoefen is, sosiale impak assesseer, en van daar af bepaal hoe hul pedagogie, kurrikula en epistemologie aangepas moet word om lewens van waardigheid en strategieë van genesing in Suid-Afrika te bevorder.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Viserekotor (Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies)		
Jong akademiese sterre	<ul style="list-style-type: none"> • Voortgesette klem moet geplaas word op die aanstelling van jong akademici uit alle bevolkingsgroep in SA, insluitende proaktiewe werwing en aanstelling van talentvolle diversiteitspersoneel uit ons nadoktorale genootskapsprogram deur vakante posisies te gebruik soos en wanneer dit voorkom • Finansiële en ander steun aan jong akademiese sterre om navorsingsuitset te handhaaf deur gebruik van Claude Leon- en NNS-befondsing. Dit sal help met die behoud en ontwikkeling van jong akademiese talent • Verhoog die aantal akademiese personeel met 'n PhD tot 70% teen 2021 • Ontwikkeling van 'n behoudstrategie om te verseker ons behou jong akademiese talent • Uitbreiding van die bestaande mentorskaprogram deur betrekking van emeritusprofessors om as mentors op te tree • Meer gefokusde mentorskaprogram wat fokus op die 67 swart vroue-akademici om te verseker dat hulle binne die volgende vyf jaar NNS-beoordeel sal wees • Voortgesette uitbreiding van die nadoktorale genootskapsprogram tot 350 genote teen 2018 • Verhoog die aantal NNS-beoordeelde akademici en spesifiek dié van die 67 swart vroue-akademici • Deelname aan die DHOO se nuwegerasie- akademiese (nGAP) program soos en wanneer versoek gerig word • Deelname aan die "Mellon Early Research Career"- (MERC-)program 	<ul style="list-style-type: none"> • Doen drie nuwe aanstellings in 2016 van dosente uit aangewese groepe met befondsing van die Rektor se Spesiale Fonds vir Personeel. • Doen aansoek om Mellon-befondsing vir 2017–2019 om die navorsing van 12 tot 15 dosente te ondersteun met die oog op hul bevordering. • Stel die mikpunt om mentors vir junior personeel met 10% per jaar te vermeerder. • Stel die mikpunt om NNS-beoordeelde wetenskaplikes met 10% per jaar te vermeerder. • Stel die mikpunt om die aantal nadoktorale studente van ongeveer 14 tot 30 te vermeerder, en om nog 15 teen 2018 by te voeg. • Vestig, met samewerking van STIAS, 'n program vir junior nadoktorale studente vir jong PhD-graduandi van PANGEA-vennootskapuniversiteite. • Een aanstelling gemaak in Maatskaplike Werk vir 2016. Doen elke jaar aansoek om meer. • Een deelnemer in Geskiedenis. Doen aansoek om meer wanneer versoek oopgestel word.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Bevordering van navorsingsuitsette	<ul style="list-style-type: none"> • Bevordering van die hoeveelheid en gehalte van navorsingsuitsette • Verhoog die aantal artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte tot 80% • Implementering van die nuwe nadoktorale genootskapbeleid om die navorsingsuitset van die universiteit te verhoog • Moedig publikasies uit meestersgraad- en PhD-studies aan • Bied aansporings aan emeritusprofessors om te publiseer • Skepping van 'n organisasieklimaat gemik op navorsingsontwikkeling en bevordering van sosiale impak deur navorsing • Volgehoue belegging in toerusting en infrastruktuur om navorsers te ondersteun • Voorsetting van die Viserekotor se Toekennings vir Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studies 	<ul style="list-style-type: none"> • Handhaaf Fakulteit-aansporingskema vir navorsingsuitsette: R20 000 vir twee geakkrediteerde publikasie-eenhede as een in 'n ISI-vaktydskrif is; R10 000 vir 'n eerste publikasie ooit; R5 000 vir voltooiing van 'n PhD in drie jaar; R15 000 vir 'n studieleier wat 'n PhD in drie jaar lewer. • Handhaaf 'n goed gefinansierde program van studente-assistente en tutors om navorsers van sommige van die laste van voorgraadse onderrig vry te stel. • Handhaaf 'n oop kwartaal vir toegewyde navorsing deur aktiewe navorsers. • Handhaaf steun vir Nagraadse Skool wat PhD-beurse toeken, organiseer 'n program van sagte vaardighede vir PhD-studente en kweek 'n kohortmodel van navorsingsamewerking en studieleiding. • Belegging in die salarisje van twee personeellede van die Nagraadse Skool; verskaf skootrekenaars aan PhD-studente uit beursfondse. • Handhawing en uitbreiding van PANGEA-vennootskap in Afrika. • Handhawing en uitbreiding van die Peri-Peri-U-vennootskap in Afrika. • Aangaan van internasionale ooreenkomste vir gesamentlike navorsing en PhD's oop en aktief. • Emeritusprofessors vorm deel van aansporingskema vir navorsing, en ontvang 'n stipendium vir nagraadse studieleiding. • Steun DHOO in ontwikkeling van 'n stelsel om erkenning te gee aan kreatiewe uitsette as navorsing wat vir subsidie sal kwalifiseer.
Uitbreiding van navorsing-innovasie	<ul style="list-style-type: none"> • Skep 'n kultuur van navorsing-innovasie onder personeel en studente, sowel voorgraads as nagraads • Strategiese belyning met die Tegnologie-innovasie-agentskap (TIA) • Samewerking met Innovus en die LaunchLab as strategiese vennote 	<ul style="list-style-type: none"> • Moedig personeellede aan om hul navorsingsresultate toegangklik vir die publiek in "op-eds" te maak. Dit stimuleer nuwe idees vir navorsing. • Moedig Inligtingswetenskap, Musiektegnologie en Geografie (GIS en afstandswaarnemingsteknologie) aan om projekte vir befondsing in te dien. • Dieselfde as bo. • Vestig 'n "Language and Mind" Laboratorium in die Departement Algemene Taalwetenskap. • Dieselfde as bo, met meer departemente soos Maatskaplike Werk, Sosiologie en Sosiale Antropologie, en Sielkunde wat projekte vir befondsing aan die KSOK en OBSA kan voorlê.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Navorsingsfokus	<ul style="list-style-type: none"> • Die vestiging van 'n beperkte aantal navorsingsentiteite wat sal fokus op die ontwikkeling en implementering van die nasionale ontwikkelingsplan en bereiking van die Globale Volhoubaarheidsdoelwitte • Vestiging van die US/NNS-vlagskipprogram getiteld "Komplekse sisteme in oorgang" (Fakulteit Natuurwetenskappe en Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) wat in Augustus 2016 toegeken is • Stigting van 'n nano-geneeskunde-navorsingsentrum (Fakulteit Natuurwetenskappe) • Stigting van 'n Fraunhofer-navorsingsentrum in Water (Fakulteit Natuurwetenskappe) • Ondersteun die Instituut vir Sport- en Oefeningsgeneeskunde (ISEM) • Voortgesette deelname aan die NNS SARChI-navorsingsleerstoelprogram, soos en wanneer versoekie gerig word • Voortgesette deelname aan die DWT Sentra van Uitnemendheid-program soos en wanneer versoekie gerig word • Brei die gesubsidieerde navorsingsleerstoelprogram uit (bedryf-, privaatsektorfinansiering) 	<ul style="list-style-type: none"> • Konsolideer die Sentrum vir Chinese Studies. • Konsolideer RADAR (oor ramp- en risikobestuur). • Bevordering van TRU (Transformation Research Unit in Politieke Wetenskap). • Stig 'n Sentrum vir Massawetenskapskommunikasie (Joernalistiek). • Stig Africa Open (navorsing oor Suid-Afrikaanse musiekargiewe). • Bou verder voort op SARChI-leerstoel in Wetenskapskommunikasie (CREST) gestig in 2015 (Peter Weingart). • Stig SARChI-leerstoel in Politieke Wetenskap in 2016 (Amanda Gouws). • Stig SARChI-leerstoel in Sosiologie en Sosiale Antropologie in 2016 (Cherryl Walker). • Doel is om 'n gesubsidieerde leerstoel in Afrikaans en Nederlands te stig om veeltaligheid (en die rol van Afrikaans daarin) te bevorder. • Doel is om 'n gesubsidieerde leerstoel in Afrikatale te stig om Xhosa as 'n akademiese taal te bevorder. • Doel is om 'n gesubsidieerde leerstoel in Algemene Taalwetenskap in Gebaretaal te stig. • Bou verder voort op WNNR-leerstoel in Kunsmatige Intelligenste in Inligtingswetenskap gestig in 2015 (Arina Britz).
Generering van ekstra inkomste deur navorsing en vooruitgang	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker dat die US finansieel volhoubaar sal bly deur die ontvangste uit die derdestroominkomste te diversifieer • Verhoog die navorsingsinkomste van internasionale bronne (bv. Horizon 20:20, NIH, vennootskap met Fraunhofer, ens.) • Gaan voort om eksterne befondingsgeleenthede met die Mediese Navorsingsraad, WNNR, Landbounavorsingsraad en ander statutêre liggeme aan te moedig • Handhawing en uitbreiding van vennootskappe met bedryfs- en internasionale instellings • Verhoog die indirekte kosteverhaling van 17% tot 25% waar moontlik 	<ul style="list-style-type: none"> • Gaan voort om navorsers aan te moedig om kontraknavorsing en derdestroominkomste te vermeerder (reeds goed gevestig in Sielkunde, en Geografie en Omgewingswetenskap, asook CREST). • Dieselfde as bo.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> Onderhandel oor indirekte kosteverhaling met instellings wat tans 0% betaal 	
Nagraadse studentesukses	<ul style="list-style-type: none"> Werwingsprosedures moet verseker dat die heel beste studente uit alle bevolkingsgroepe in SA die US as die voorkeuruniversiteit sal kies Bestuur die aantal voltydse honneurs-, MSc- en PhD-studente teen optimale verhoudings per fakulteit Fokus op die nagraadse pyplyn met die klem op tydige voltooingskoers van meestersgraad- (2 jaar) en doktorale (3 jaar) studente Verhoog die behoud- en voltooingskoers van PhD-graduandi van 65% tot 80% teen 2018 Hersien die gebruik van US-merietebeurse asook US-beurse vir nagraadse studies om uitnemendheid, behoud en voltooiing van nagraadse studies aan te moedig 	<ul style="list-style-type: none"> Vestig en ondersteun nasionale en internasionale PhD-kongresse (reeds gevestig met USAN (Afrikaans en Nederlands); SWO (Sosiale Wetenskappe vir Ontwikkeling); en Geografie en Omgewingswetenskap). Verhoog nadoktorale posisies in Fakulteit tot 60 in 2019. Verander die verhouding van voorgraadse : nagraadse inskrywings in Fakulteit van 80 : 20 tot 70 : 30. Vermeerder beurse vir honneurs- en meestersgraadstudente met aansporings om studies betyds te voltooi, soos hier voorgestel. Opgradering nie algemeen of in Lettere en Sosiale Wetenskappe aangemoedig nie. Reeds gedoen in Visuele Kunste (NMMU) en Afrikatale (Venda). PANGEA en Peri-Peri U-netwerke is reeds goed gevestig. Vermy duplisering van ADA met Fakulteit se Nagraadse Skool se rol en funksies.

Viserekotor (Strategiese Inisiatiewe en Internasionalisering)

Aangesien dit 'n nuwe portefeuilje is, sal 2017 gebruik word om die portefeuilje te vestig. Aangesien daar twee areas in die portefeuilje is, sal aandag aan albei gegee word.

Internasionalisering

Strategiese plan vir internasionalisering	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkel 'n strategiese plan vir internasionalisering Inlynstelling van internasionale funksie oor die universiteit heen 	
Netwerke, vennootskappe, samewerking	<ul style="list-style-type: none"> Handhaaf 'n databasis vir alle netwerke, vennootskappe, en samewerkingsooreenkoms Begin met 'n oefening om die waarde van bestaande vennootskappe, netwerke en alliansies te evalueer Identifiseer, bou en koester voorkeur-Afrika- en internasionale vennootskappe 	

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Ontwikkel 'n Afrika-voetspoor	<ul style="list-style-type: none"> • Voer 'n ontleding uit om beste praktyke te bepaal om 'n voetspoor in Afrika te ontwikkel ('lessenaar') • Koester Afrika-netwerke om blywende vennootskappe te ontwikkel • Gebruik bestaande programme, soos ADA, om die Afrika-uitreik te versterk 	
Verhoog internasionale studente- en personeelgetalle	<ul style="list-style-type: none"> • Lok en verhoog aantal aangestelde internasional gevierde wetenskaplikes • Verhoog aantal inskrywings van voorgraadse studente vir internasionale studieprogramme • Wees 'n magneet vir internasionale nagraadse studente • Stel meer internasionale nadoktorale studente met 'n uitstekende studierekord aan • Erkenning van studiekrediete in die Afrika-konteks 	
Veranker internasionale lens in leer, onderrig, navorsing en sosiale impak	<ul style="list-style-type: none"> • Brei inisiatiewe rakende die sogenaamde internasionalisering huis uit, bv. die nuwe BCom Internasionale Besigheid met Taalstudie • Ontwikkel nuwe kortkursusse om studente as globale burgers en globale leiers voor te berei (in samewerking met eenhede/sentra waar toepaslik) 	
STRATEGIESE INISIATIEWE		
Strategiese Voorneme 2019–2023	<ul style="list-style-type: none"> • Evaluering van die huidige Strategiese Voorneme om uitkomste bereik te bepaal • Ontwikkeling van 'n Strategiese Voorneme 2019–2023 	
Eeu feesprojek	<ul style="list-style-type: none"> • Koördineer projek vir eeu feesvieringe 2018 	

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
Uitvoerende Bedryfshoof		
Sakeprosesse en fondsinsameling vir finansiële volhoubaarheid	<ul style="list-style-type: none"> • Voortgesette hersiening van die begrotingsmodel en -prosesse • Hersien die volkoste-strategie om inkomste op grond van die korrekte prysbepalingstrategie te optimaliseer • Verfy die omvattende kapitaalplan 	<ul style="list-style-type: none"> • Hersien gevestigde praktyke in Fakulteit om derdestroominkomste te genereer (moet op 'n volkostegrondslag bedryf word, met die fondse wat na die Fakulteit se hoofbegroting gekanaliseer word). • Ondersoek die moontlikheid van ontsluiting van nuwe inkomstestrome vir die Fakulteit (soos die bemarkingswaarde van die US Koor, HB Thom Teater, Musiekkonservatorium, Woordfees, ens.). • Implementeer prosesse, onder leiding van die Viserektor (Leer & Onderrig) en Viserektor (Sosiale Impak, Transformasie & Personeel) vir finansiële volhoubaarheid van die Fakulteit.
Geregtigheid en gelyke geleenthede	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaffing en uitbreiding van vervoerdienste aan personeel en studente wat nie in Stellenbosch woon nie, op 'n gebruikersbetaalgrondslag • Verskaf 600 bykomende beddens in studentekoshuise 	
Mobiliteitsplan	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf vervoerdienste aan personeel en studente (verwys na strategiese doelstelling vir geregtigheid en gelyke geleenthede) 	
Kommersialisering van intellektuele eiendom en sakegeleenthede	<ul style="list-style-type: none"> • Patentering, lisensiëring en stigting van afwentelmaatskappye • Uitbreiding (doelstellings en fasilitete) van sake-inkubator (LaunchLab) vir entrepreneuriese steun en ontwikkeling • Vestig 'n tegnologie-oordragstrategie vir konsultasiedienste • Administrasie, registrasie, beheer en gehalteversekerung vir kortkursusse • Stig 'n Matie Innovasiefonds • Stig 'n Konsultasiekantoor om tegnologie-oordrag te faciliteer 	<ul style="list-style-type: none"> • Ondersoek die uitvoerbaarheid van 'n databasis vir stemmingsmusiek vir film en televisie as volwaardige kommersiële entiteit. • Ondersoek die uitvoerbaarheid van filmklankbane as 'n volwaardige kommersiële entiteit wat nasionaal en internasionaal werkzaam kan wees. • Ondersoek die uitvoerbaarheid van 'n forensiese laboratorium as 'n volwaardige kommersiële entiteit (met die Fakulteit wat forensiese kuns bydra). • Ondersoek die uitvoerbaarheid van dienste rakende satellietwaarnemings van die aarde as 'n volwaardige kommersiële entiteit. • Ondersoek die moontlikheid van aanbieding van opleiding vir data-optekenaars van Statistiek SA (op NKR-vlak 5) op 'n volwaardige kommersiële grondslag.
Omgewingsvolhoubaarheid	<ul style="list-style-type: none"> • Energiebesparing • Waterbesparing • Afvalbestuur 	<ul style="list-style-type: none"> • Werk tans aan 'n verdigtingsprojek om meer kantoorruimte op die vierde vloer van die Wilcocks-gebou asook in die Lettere-gebou (hoek van Merriman en

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
	<ul style="list-style-type: none"> Laer koolstofvoetspoor 	Ryneveld) te skep – sal bydra tot elektrisiteitsbesparing en 'n verlaagde koolstofvoetspoor.
Geïntegreerde beplanning, begroting en verslagdoening	<ul style="list-style-type: none"> Voer die IP uit Verbeter die geïntegreerde verslagdoeningsmetodologie (2015-jaarverslag sal die US se eerste volledig geïntegreerde verslag wees) Voer die KVP uit; volgens opdrag, binne begroting en binne tydsraamwerk 	<ul style="list-style-type: none"> Ontwikkel en implementeer strategieë en planne vir finansiële volhoubaarheid van die Fakulteit.
Maties Sport: Brei die akademiese voetspoor uit en ondersoek 'n gedifferensieerde akademiese aanbod	<ul style="list-style-type: none"> 'n Verhoging in kommunikeerbare navorsinguitsette in vennootskap met 'n verskeidenheid akademiese fakulteite/departemente 'n Vennoot in die verwesenliking van die Instituut vir Sport-, Oefening- en Leefstylgeneeskunde (Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe) en sy Coetzenburg-voetspoor Die inspuiting van tegnologie en innoverende praktyke in Maties Sport en al sy bedrywighede Erkenning van die US as 'n voorkeurbestemming vir sportbestuur-/sportleierskaponderwys in Afrika 	<ul style="list-style-type: none"> Besonderhede van samewerking en doelstellings wat in 2016 per fakulteit en sportkode begin het, sal voortgesit word.
Maties Sport: Verhoog die persentasie mededingende atlete wat akademiese sukses behaal	<ul style="list-style-type: none"> 'n Dinamiese studentatleet-steunprogram wat voorsien in die akademiese en lewensvaardighede-behoeftes van studentatlete sedert toegang tot graduering van die universiteit 'n Sorgvuldig gekoördineerde werwings- en behoudprogram wat die beste studentatlete in SA lok wat erkende akademiese en sporttalent het 	<ul style="list-style-type: none"> Hersien die werwingstrategieë wat beplan word, per sportkode, om die beste passing met die onderskeie fakulteite te verkry.
Kampusvernuwingsprojek vir implementering: 2016–2023	<ul style="list-style-type: none"> Vorige Fisiese Fasiliteite-meesterplan herontwerp en herdefinieer as Kampusvernuwingsplan vir opgradering van ou fasiliteite en om in te haal op agterstallige instandhouding 	<ul style="list-style-type: none"> Gedetailleerde geprioritiseerde aksies sal oor'n sewejaar-projek bekendgestel word. Het begin met die volgende hoëprioriteitsprojekte in 2016: <ul style="list-style-type: none"> Ingenieursfakulteit as geheel HB Thom Teater en Departement Drama Sportfasiliteite.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Lettere en Sosiale Wetenskappe)
		<ul style="list-style-type: none"> • Handel die inhala van agterstallige instandhouding en opgraderingsprojekte by die Tygerberg-kampus af. • Gaan voort met normale proaktiewe en normale instandhouding oor kampus heen soos beplan.

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe...

EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE		
STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
Viserektor (Leer en Onderrig)		
Uitnemendheid in Leer & Onderrig	<ul style="list-style-type: none"> • Verseker gehalte en leweringsdoeltreffendheid van akademiese programme • Bevorder akademiese personeel se L&O-vaardighede en gee aan hulle gepaste erkenning • Stel maatreëls in elke module in om te verseker dat studente goed voorbereid op kontaksessies is • Brei studenteleer in fakulteite uit na die lewende en ko-kurrikulêre omgewings 	<ul style="list-style-type: none"> • Fakulteitspesifieke opleiding gebied aan akademici, insluitende mini-PRONTAK-program, onderrigseminaar, IKT-i-Byte-sessies, IKT-opleiding-en-onderrigdag. • Kostedoeltreffende ontwikkeling van 'n onderrig-hub.
Studentetoegang met sukses	<ul style="list-style-type: none"> • Laat gesikte studente uit diverse sektore van die gemeenskap tot die US toe, en volg deur tot suksesvolle voltooiing van hul studies • Verskaf kostedoeltreffende studentesteun om module- en gradueringsukseskoerse te verbeter • Berei goed afgeronde studente voor om betrokke burgers in die samelewing te word (graduandi-eienskappe en ko-kurrikulêre ontwikkeling) 	<ul style="list-style-type: none"> • Fakulteit gebruik verlengde graadprogram (VGP) in Bestuurswetenskappe as 'n middel om leerders uit benadeelde skoolomgewings te ondersteun. Volledige eerstejaarondersteuning word gebied. • Alle VGP-studente neem deel aan die modulementorprogram rakende struikelmodules; VA-resultate word gebruik om studente na modulementorprogram te verwys; deelname aan ontwikkelingsprogramme, soos FINLO-emosioneleintelligensie-projek; leerstylprojek; blootstelling aan wêrelde van werk en gassprekers. • Fakulteit se graduandi-eienskappe-projek word afgehandel. • Bekendstelling van OPTIMUS-program in 2016 om 'n verrykende ervaring te bied en die beste voorgraadse studente toe te rus om om internasionale studiegeleenthede en vooraanstaande beurse ná graduering mee te ding.
Grootte en vorm	<ul style="list-style-type: none"> • Beheer groei in groot fakulteite deur hoër keuringskriteria • Verhoog stelselmatig getalle SBI-studente • Verkry die meeste van die groei in modus 2-aanbiedinge (nieresidensiële studente met blokbywoning-kontaksessies) 	<ul style="list-style-type: none"> • Groeiplan met behoorlike inskrywingsbestuur, veral om die uitbreiding van die parallelmediumaanbod op volhoubare vlakke te bestuur. • Dekaanskantoor het kapasiteit geskep om inskrywings, werwing en keuring daagliks te help bestuur. • Die diverse samestelling van die Fakulteit se studente-inname word eerstens deur gefokusde inisiatiewe bestuur: Dekaansontbyt met eerstegenerasie-studente, steunbeurse vir SBI-studente, Business@Maties-inisiatief om topstudente aan die Matie-kultuur bloot te stel, telefoonveldtog om moedertaalsprekers te bereik, en gefokusde kommunikasie-inisiatiewe.

STRATEGIESE DOELSTELLINGS PER VERANTWOORDE- LIKHEIDSENTRUM	AKSIEPLANNE PER VERANTWOORDELIKHEIDSENTRUM	FAKULTEITSNOTAS (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
Programvernuwing	<ul style="list-style-type: none"> • Holistiese programvernuwing om relevansie vir toetreders tot werkmark te verseker • Verbeter kostedoeltreffendheid van programaanbiedinge • Vereenvoudig programstrukture met minimale keusemodules in junior jare; skakel moduleduplikasies onder fakulteite uit • Heroorweeg programme met 'n lae aantal inskrywings vir uitfasering 	<ul style="list-style-type: none"> • Wat roosters betref, is groepe georganiseer om kostedoeltreffender onderrig te verseker. • Programvernuwingsproses rakende bestaande voorgraadse programme, insluitende graduandi-eienskappe en IKT. Implementering het in 2016 begin. • Programvernuwing in 2017 met een EBW-program as deel van die universiteitswye werkswinkel. • Nuwe programmaanbod om Fakulteit se Modus 2-aanbod uit te brei en toegang te verbreed. • Verskeie inisiatiewe in Fakulteit: modulementorskaprogram, tutorprogram, ens. • Honneursprojek: steun aan departemente om honneursgradueringskous te handhaaf (volg op die vestiging van die navorsingskomponent). Sal deur Onderrig- en Ontwikkelingstoelaag befonds word.
